

Opsomming–“ Die Doelgerigte Kerk” Rick Warren

Ry die geestelike golwe

Ek is die Here jou God, Ek laat die see ontstuimig word, Ek laat sy golwe druis. Jesaja 51:15

Voordat daar met 'n omkeer binne die kerk begin kan word, is dit belangrik om tot die Here te bid om Sy seën op die werk wat gedoen moet word en ook dat dit wat gedoen word, Hom tot seën sal wees. 'n Omkeer is nodig ten einde groei te bevorder.

Geen kerk kan soos 'n sake-onderneming bedryf word nie. Dit is 'n organisme, 'n liggaam wat lewe. Die kerk sal sterf indien dit nie groei nie.

Sewentig jaar gelede het Roland Allen in sy klassieke werk oor sendingwerk hierdie soort groei 'die spontane uitbreiding van die kerk' genoem. Sleutelkwessies vir kerke in die 21ste eeu sal nie kerkgroei wees nie, maar kerkgesondheid. Wanneer 'n kerk gesond is, sal dit vanself groei. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. xiv).

Die taak van die kerk se leierskorps is dus om 'siektes' en hindernisse wat groei belemmer, te identifiseer en te verwyder sodat natuurlike, normale groei kan plaasvind. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. xiv).

Die Nuwe Testament is die belangrikste boek wat nog ooit oor kerkgroei geskryf is en kan ons dit beskou as die eienaarshandleiding van die kerk.

Ons moet verhoed om dieselfde foute as ons voorgangers te maak deur die lesse van die verlede te ken. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. xv).

Wanneer ons tot die besef kom dat verandering binne die kerk nodig is om te verhoed dat die kerk sterf, moet ons nie ontmoedig word deur die feit dat dit maar gewone mense is wat die verandering kan bewerkstellig nie. God het die vermoë om gewone mense op buitengewone maniere te gebruik indien dit tot eer van Sy Naam en tot die uitbreiding van Sy Koninkryk is.

Daar bestaan geen twyfel nie: die morele agteruitgang van ons gemeenskap het 'n slagveld geskep, maar dit het ook 'n ongelooflike sendingveld geskep! Ons moet onthou dat Christus ook gesterf het vir mense aan die ander kant van die morele skeidslyn. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. xvii).

Pastorale bediening is vandag 'n honderd keer meer kompleks as wat die vorige geslag dit geken het. Dit moet ons egter nie ontmoedig nie, maar is die sleutel hier om nooit op te hou leer nie. Ons kan gerus hier kyk na die voorbeeld van die suksesvolle branderplankryer. Hy hou aan om aan te hou.

Sien die groot prentjie

Geslag na geslag prys wat U doen en vertel van u magtige dade. Psalm 145:4

Die Here is groot, Hy sorg dat sy dienaar vrede het. Psalm 35:27

Voordat daar met verandering binne gemeentes begin kan word, is dit belangrik om te verstaan waarom die verandering noodsaaklik is.

Die verkeerde vraag wat dikwels gevra word, is: 'Wat sal ons gemeente **laat** groei?' Daar moet eerder gevra word: 'Wat **verhinder** ons gemeente om te groei?'

Verandering moenie bloot gedoen word omdat ander suksesvol was daarmee en die vrugte daarvan gepluk het nie, maar is dit belangrik om verby die metodes te kyk en te let op die beginsels waarop die verandering gebaseer is.

Voor verandering kan plaasvind, moet daar eers 'n VISIE gevorm word. Visie is die vermoë om die geleenthede in jou huidige omstandighede raak te sien. In vandag se vinnig veranderende wêreld is visie dus ook die vermoë om veranderings wat nou met jou gebeur, akkuraat te ontleed en voordeel daaruit te trek. Visie is om bedag te wees op geleenthede.

Die soektog na beginsels

- Hoeveel van wat kerke doen, is werklik Bybels?
- Hoeveel van wat ons doen, is bloot tradisie?
- Hoekom groei sommige kerke terwyl ander 'n stadige dood sterf?
- Wat veroorsaak dat 'n groeiende kerk ophou groei, 'n plato bereik en dan krimp?
- Is daar iets wat groeiende kerke in gemeen het?
- Is daar beginsels wat sal werk in elke kultuur?
- Wat verhoed groei?
- Wat is die konvensionele mites oor groeiende kerke wat nie meer waar is nie (of nooit was nie)?

Belê daarin om Bybelse, kulturele en leierskapbeginsels te ontdek wat gesonde, groeiende kerke tot gevolg het. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 7).

Soms word kerkgroei direk gekoppel aan die bedieningstyd van 'n predikant by 'n spesifieke gemeente. Interessant om daarop te let dat 'n lang pastoraat **nie waarborg** dat 'n kerk sal groei nie, maar predikante wat elke paar jaar vervang word, waarborg dat 'n **kerk nie** sal groei nie.

Waar op aarde begin ons met die verandering?

Bid om leiding. Spreuke 28:26 (Die Lewende Bybel) lui: 'Wie homself vertrou, is 'n dwaas; wie hom deur wysheid laat lei, is veilig.' Kry eers God se perspektief op die situasie van jou gemeente voordat enigiets gedoen word.

Hoeveel mense binne jou gemeente word gemobiliseer vir die *Groot Opdrag*? Die welstand of krag van 'n kerk word gemeet aan sy kapasiteit om te *stuur* eerder as om te *stoel*. Gemeentelede moet in dienaars en sendelinge omskep word. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk: bl. 9).

Fokus op Amerika en spesifiek Kalifornië

Spreuke 13:16 lui: 'Alles wat 'n verstandige mens doen, word met kennis gedoen.'

Spreuke 18:13 lui: 'Iemand wat besluit voor hy die feite het, is dwaas en kom in die skande.'

Spreuke 20:18 wat sê: 'Planne wat op goeie raad steun, slaag.'

Romeine 8:31 lui: 'God is vir ons, wie kan teen ons wees?'

In hierdie hele proses van verandering moet ons altyd voor oë hou dat daar waar God ons lei, voorsien Hy ook. Gebed is dus 'n uiters belangrike aksie wat deurentyd beoefen moet word.

Besluit watter soort kerk julle wil wees. Dit is dalk nodig om jou gemeente te posisioneer ten opsigte van kerklose mense wat nie ander kerke bywoon nie. Luister na die mening van die kerkloses. Mense hoor nie wat gesê word voordat jy nie eers na hulle geluister het nie. Hulle gee du nie om hoeveel jy weet voordat hulle weet hoeveel jy omgee nie.

Die vinnigste manier om 'n brug te bou na kerklose mense is om belangstelling te toon in hulle en te wys jy het begrip vir hul probleme. Behoeftes, of dit nou werklik of in die verbeelding is, is die beginpunt vir die betoning van liefde teenoor mense. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 16).

Doen navorsing onder kerkloses oor hul kwellings en spreek dit aan in jou bedieningsfilosofie. Gebruik dit as basis vir jou evangelisasie-strategie.

Mites oor groeiende kerke

Sorg dat jy die waarheid in die hande kry en moet dit nooit vir iets anders verruil nie.

**Spreuke
23:23**

Die fokus moet verskuif van bywoning na die inskakeling van alle mense wat God na die gemeente stuur. Om konstante groei te toon, moet jy aan mense iets bied wat hulle nie elders kan kry nie.

As jy die positiewe, lewensveranderende Goeie Nuus van Christus verkondig, as jou lidmate opgewonde is oor wat God in jou kerk doen, as jy 'n diens hou waarheen hulle hul ongeredde vriende kan nooi sonder vrees vir verleentheid en as jy beplan om diegene wat tot bekering kom, tot geestelike volwassenheid te lei, hulle op te lei en uit te stuur, sal bywoning jou kleinste kopseer wees. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 24).

Dit is belangrik dat elke gemeente *warmte* moet kweek deur gemeensaamheid ('fellowship'), geestelik *dieper* groei deur dissipelskap, *sterker* word deur aanbidding, *wyer betrokke raak* deur bediening en *uitbrei* deur evangelisasie.

Kerkgroei is die natuulike gevolg van 'n gesonde gemeente. 'n Gesonde gemeente is net moontlik wanneer ons boodskap *Bybels* en ons missie *gebalanseerd* is. Balans word nie vanself in 'n kerk bereik nie en moet wanbalanse voortdurend reggestel word. Dit is menslik om oordrewe klem te plaas op die aspek van die kerk waaroor ons die sterkste voel. 'n Doelgerigte kerk skep egter met voorbedagte rade 'n strategie en struktuur om homself te dwing om gelyke aandag aan elke doelwit te gee. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 25).

Die vyf fasette van kerkgroei.

1. Gemeensaamheid bring *warmte*.
2. Dissipelskap bring *diepte*.
3. Aanbidding bring *krag*.
4. Bediening bring *invloed*.
5. Evangelisasie bring *groei*.

Ons is deur God geroep om vissers van mense te maak en nie om visse tussen akwariums uit te ruil nie. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 25).

Wanneer kerkgetalle en die uitbreiding daarvan aangespreek word, moet die verkondiging van die waarheid nooit in gedrang kom nie. Jesus het groot skares gelok, maar nooit die waarheid gekompromitteer nie. Niemand het Hom daarvan beskuldig dat Hy sy boodskap afgewater het nie, behalwe die jaloerse priesterhoofde wat Hom uit afguns gekritiseer het (Mark 15:12).

Aangesien daar nie van lidmate en ongelowige besoekers dieselfde verwagtinge gekoester kan word nie, (met betrekking tot optrede binne/buite die erediens, bydraes ens.), is dit nodig om onderskeid te tref tussen hierdie twee groepe mense binne die gemeente.

Daar kan byvoorbeeld verwys word na '**DIE SKARE**' en '**DIE GEMEENTE**'.

Moenie veel verwag van die soeker wat bloot daar is om die aansprake van Christus te ondersoek nie. Jesus het in sy eerste ontmoeting met sy dissipels gesê: 'Kom kyk!'. Nooi ongelowiges om te kom kyk en self te sien waarvoor die kerk gaan.

Daar moet egter groot toewyding vereis word van die wat wel by die kerk wil *aansluit*. Die toepassing van kerklike tug, waar van toepassing, moet nooit uit die oog verloor word nie.

Mense voel eerder aangetrokke as afgeskrik as hulle uitgedaag word om 'n ernstige verbintenis te maak. Hoe groter die verbintenis waarop aangedring word, hoe groter is die reaksie wat verwag kan word. Heelwat ongelowiges is moeg van en verveeld met wat die wêreld hulle bied. Hulle is op soek na iets groter as hulleself, iets wat vir hulle die moeite werd is om hul lewe aan te wy.

Mense word nie afgeskrik wanneer hulle om 'n verbintenis gevra word nie, maar baie word wel afgeskrik deur *die manier* waarop baie kerke daarvoor vra. Kerke laat te dikwels na om die doel, waarde en voordele van 'n verbintenis te verduidelik en beskik hulle ook nie oor 'n program om mense te help om geleidelik te groei ten opsigte van hulle verbintenis nie.

Die uitdaging is dus om aan die eenkant getrou bly aan die onveranderlike Woord van God en aan die ander kant moet ons ons bediening beoefen in 'n wêreld wat voortdurend verander.

Uit vrees vir wêreldse besmetting onttrek sommige kerke hulle aan die hedendaagse leefwyse. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 30).

In teenstelling (met die Amish), probeer kerke wat die kultuur van die 1950's navolg gewoonlik hul motief ontken, of hulle probeer om met Bybeltekste te bewys dat hulle dit doen op die manier waarop dit in die tyd van die Nuwe Testament gedoen is. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 30).

Aan die ander kant van die pendulum is daar diegene wat die jongste giere en modes najaag uit vrees dat hulle dalk irrelevant sal word in die wêreld van vandag. Kerke wat bogenoemde doen, bied heel dikwels 'n boodskap wat die voordele van die evangelie beklemtoon maar wat die verantwoordelikheid en opoffering wat deel is van Christenskap, heeltemal ignoreer.

Jesus het nooit sy standarde verlaag nie, maar Hy het altyd begin op die vlak waar mense was. Hy was relevant sonder om die waarheid af te water. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 30).

Dit is nodig om jou byl te slyp vir die bediening deur boeke te lees, konferensies by te woon en na praatjies te luister. Vaardigheid bring sukses en is dit nooit 'n vermorsing van tyd om jou byl te slyp nie. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 31).

Verskeie lugrederye vereis dat hul vlieëniers twee keer per jaar 'n week lank heropgelei word om hul vaardighede op te knap. Hul gaan uit van die standpunt: 'Omdat mense se lewe afhang van hoe vaardig ons is.'

Dalk is dit binne jou gemeente nodig dat die predikant en kerkleiers minstens een keer per jaar 'n basiese opleidingskonferensie bywoon om hul vaardighede op te skerp. Die visie van die gemeente kan ook herposisioneer word. God het eenkeer aan Josua gesê om op te hou bid oor sy mislukkings en liever die oorsaak daarvan reg te stel. (Jos 7). Daar is 'n tyd om te bid en 'n tyd om verantwoordelik te begin optree. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 33).

Daar is egter twee uiterstes wat in die bediening vermy moet word:

In sy boek 'Die Doelgerigte Kerk', verwys Rick Warren na Joe Ellis wat hom baie gehelp het met die identifisering van hierdie uiterstes en sy hulp om die kwessies van verantwoordelikheid en getrouheid in die bediening uit te pluus.

Een van hierdie uiterstes is om alle verantwoordelikheid vir die groei van die kerk self toe te eien. Hierdie fout kan 'praktiese menslikheid' genoem word.

Die ander uiterste is om alle verantwoordelikheid daarvoor te probeer ontduik. Dit kan 'vrome onverantwoordelikheid' genoem word.

Albei hierdie foute is fataal vir die kerk van vandag. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 33).

Baie kerke se hele bestaan is ongelukkig gebaseer op Kategeseskool, doeltreffende organisasie en die begroting wat moet klop. Min lewens word hier verander. Jesus het gesê: 'Op hierdie rots sal ek *my* kerk bou' (Matt. 16:18). (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 33).

Paulus het die vennootskap tussen God en die mense duidelik geëllustreer toe hy gesê het: 'Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat dit laat groei het... Ons is *medewerkers* in diens van God...' (1 Kor. 3:6,9 klem bygevoeg). Hier is dit dus duidelik dat God Sy deel gedoen nadat Paulus en Apollos hul deel gedoen het.

Alhoewel jou metodes moet aanpas by elke nuwe geslag, moet die boodskap nooit verander nie. Al laat 'n bepaalde bedieningstyl jou ongemaklik voel, as God dit seën, moet jy dit nie kritiseer nie. God seën dikwels mense met wie jy nie saamstem nie. As lewens egter verander word deur die krag van Jesus Christus, is dit dalk nodig om hierdie verskille te begrawe. Ons is almal trofee van God se genade. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk ; bl. 35).

Die wanpersepsie bestaan soms dat al wat God van ons verwag, is getrouheid. Dit is slegs deels waar. God verwag getrouheid *en* dat ons vrugte dra deur produktief te wees. Kyk na die volgende stellings van Christus in die Woord:

Christus vra dat ons vrugte dra – Joh. 15:16.

- Die manier waarop ons God verheerlik, is deur vrugte te dra – Joh. 15:8.
- God is bly as ons vrugte dra – Kol 1:10.
- Jesus het sy swaarste oordeel uitgespreek oor die onvrugbare boom – Matt. 21:19.
- Die volk van Israel het hul voorregte verloor omdat hulle nie vrugte gedra het nie – Matt. 21:43. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 36).

Jy mag nooit ontrou wees aan die boodskap bloot omdat jy getalle najaag nie, maar jy mag ook nie jou getrouheid aan die Woord gebruik as 'n verskoning vir jou ondoletreffendheid nie. Hy (Jesus) het getrouheid gedefinieer kragtens gedrag – 'n bereidwilligheid om risiko's te neem (wat geloof vereis) ten einde vrugte te dra. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 38).

Die duidelikste voorbeeld hiervan is die gelykenis van die muntsukke in Matteus 25:14-30.

Deur getrou te wees moet ons soveel as moontlik doen met die talente en hulpbronne wat God aan ons gegee het. Deur bloot groter as 'n ander kerk te wees, bepaal nie ons sukses nie. Ons sukses word gemeet aandra van vrugte wat ooreenstem met ons gawes, geleenthede en die gemeente se potensiaal. Indien jy daarop aandring om die boodskap volgens 'n verouderde styl oor te dra, is jy getrou aan God se Woord? Is jy getrou as jy daarop aandring om jou bediening te doen op 'n manier wat vir *jou gemaklik* is, maar wat geen vrugte oplewer nie? Is jy getrou aan Christus as jy meer waarde heg aan mensgemaakte tradisies as om mense vir Christus te bereik? (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 38).

Omdat God mense gebruik om sy werk te doen, is die leierskap van enige program meer deurslaggewend as die program self. Wanneer jy 'n klompie gewone mense bymekaarvoeg, elkeen met sy eie gawes, persoonlikheid en agtergrond word 'n kragtige sinergie gevorm wat almal in staat stel om ongelooflike dinge te doen. Die kern hier is dat jy net jouself moet wees, nie 'n gipsvorm van 'n ander persoon wat jy dink oor die nodige gawes beskik om hierdie veranderinge inwerking te stel nie.

Spreek 18:15 lui: "n Mens met insig doen kennis op; wyse mense hou hul ore oop vir kennis."

Jesus het aan die kerk in Tessalonika gesê: ' En julle het ons voorbeeld gevolg en volgenlinge van die Here geword... So het julle 'n voorbeeld geword vir al die gelowiges in Masedonië en in Agaje' (1 Tess 1:6-7).

Wanneer jou gemeente na 'n model en strategie kyk hoe om getalle te laat groei, is dit soms nodig om te kyk watter modelle en strategieë ander kerke gebruik het. Dit is nodig om by mekaar te leer, almal is tog aan dieselfde kant. Sommige mense is so vol trots dat hulle voel niemand kan hulle iets leer nie. Dit is gewoonlik hierdie mense wat dink hulle het al die antwoorde, wat gewoonlik nie eers al die vrae ken nie.

Tydens hierdie fase van verandering gaan dit dalk nodig wees om 'n paar metodes aan te leer. Geen metode is egter bedoel om vir ewig of orals en altyd te werk nie. Metodes is bloot die uitdrukking van beginsels. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 43).

Sake wat 'n invloed kan hê op die gesondheid en groei van die kerk is:

Die primêre kwessies

- Wie is ons Meester?
- Wat is ons boodskap?
- Wat is ons motief?

Sekondêre kwessies

- Hoe lyk ons mark?
- Hoe lyk ons modelle?
- Hoe lyk ons metodes?

Deel twee – Word 'n doelgerigte kerk

Hoofstuk 3 – Wat dryf jou kerk? (Bladsy 47)

Al maak mense hoeveel planne, wat die Here besluit, staan vas. Spreuke 19:21

Kerke vandag moet gedryf word deur die regte doel, nie deur ander kragte nie. 'n Doelgerigte kerk het 'n nuwe perspektief nodig. Alles wat die kerk doen, moet deur die lens van vyf Nuwe-Testamentiese doelwitte beskou word. God wil hê dat die kerk 'n balans moet handhaaf tussen hierdie doelwitte.

Planne, programme en persoonlikhede bestaan nie vir altyd nie, maar God se doewitte **sal** vir ewig duur. (Rick Warren; Die Doelgerigte Kerk; bl. 52).

Elke kerk moet homself afvra, wat hy hier op aarde doen. Voordat die kerk nie weet waarom hy bestaan nie, het hy geen fondament, motivering of rigting vir die bediening nie. Indien jou gemeente 'n plato bereik het of kwyn, is dit belangrik om die doelwit te herdefinieer. Niks sal 'n mistroostige kerk vinniger opkikker as om sy doel te herontdek nie.

Hoofstuk 4 – Die fondament vir 'n gesonde kerk

Jesus: '...en op hierdie rots sal Ek my kerk bou...' Matt. 16:18

Paulus: 'Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos 'n goeie bouer die fondament gelê...' 1 Kor. 3:10

'n Gebou kan nooit groter wees as wat die fondament kan dra nie. Dit is 'n reël wat ook vir kerke geld. 'n Kerk wat op 'n verkeerde of ontoereikende fondament gebou is, sal nooit die hoogtes kan bereik wat God wil hê nie.

'n Duidelike doelwit bou mense se moreel.

1 Kor. 1:10 lui: 'Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging.'

Paulus sê dat die sleutel tot harmonie in die kerk is eengesindheid oor die kerk se doel.

'n Kerk sonder 'n doelwit raak uiteindelik 'n museumstuk van verouderde tradisies.

Daar word gedurig opgemerk dat ' die kerk moet dit doen, of die kerk moet dat doen'. Die maatstaf moet egter altyd wees: Verweselik die aktiwiteit waarmee ons nou besig is of wat ons nou wil aanpak een van die doelwitte waaroor God hierdie kerk gestig het? As die aktiwiteit wel aan hierdie maatstaf voldoen, moet dit oorweeg word. As dit niè die toets slag nie, moenie dat dit jou aandag aflei van God se agenda vir jou kerk nie.

'n Doellose gemeente is 'n onstabiele gemeente. Soms beweeg gemeentes net in sirkels. Bykans enigiets kan dit van koers afdwing. Dit kan rondval tussen prioriteite, doelwitte en programme. Dit kan in verskillende rigtings beweeg, na gelang van wie in daardie stadium die leier is.

Wanneer iemand in die gemeente 'n aktiwiteit of gebeurtenis of nuwe program voorstel, hoof jy net te vra: 'Sal dit een van ons doelwitte vervul?' Indien wel, doen dit. Indien nie, los dit.

'n Duidelike doelwit maak konsentrasie moontlik

Lig wat gefokus word, het groot krag. Verspreide lig het geen krag nie. Deur byvoorbeeld die lig van die son met 'n vergrootglas te fokus, kan jy 'n blaas aan die brand steek, maar jy kan nie 'n blaas aan die brand steek as dieselfde lig nie gefokus is nie. Wanneer lig nog meer gefokus is, soos in die geval van 'n laserstraal, kan dit selfs deur 'n blok staal sny.

Dit is dus nodig dat die kerk meer gefokus raak op die doel indien hulle 'n toenemende impak op die gemeenskap wil maak. Sommige kerke word egter van hul hoofdoelwit weggeleek deur goeie maar minder belangrike agendas, veldtogte en doelwitte. Die kerk wat sy energie verstrooi, se krag gaan verlore. Soos die gesegde lui: 'Die hoofdoel is om die hoofdoel die hoofdoel te hou.'

'n Belangrike les in leierskap is dat 'n mens nie kan toelaat dat klakouse die kerk se agenda bepaal nie. Dit beteken jy doen afstand van leierskap.

'n Duidelike doelstelling help met evaluasie

'n Kerk kan homself nie evalueer deur hom met ander kerke te vergelyk nie. Hy moet homself afvra: 'Doen ons wat God wil hê ons moet doen?' en 'Hoe goed doen ons dit?' 'Waarmee is ons besig' en 'Hoe vaar ons daarmee?'

Daar bestaan geen verband tussen die grootte en die krag van 'n kerk nie. 'n Kerk kan groot en sterk wees, of groot en pap.

- Eerstens moet jy jou doelwitte definieer.
- Tweedens moet jy dit op 'n gereelde basis aan almal in jou kerk *kommunikeer*.
- Derdens moet jy jou kerk rondom hierdie doelwitte *organiseer*.
- Vierdens moet jy jou doelwitte op elke deel van jou kerk *implementeer*.

(RM: Nodigheid by lidmate vestig oor die feit dat daar doelwitte moet wees.)

Hoofstuk 5 – Definieer jou doelwitte

Broers, ek wil julle baie ernstig vra ter wille van ons Here Jesus Christus dat julle moet saamwerk....Sorg dat julle saamstem oor hoe julle dinge moet benader en wat julle moet doen. 1 Kor. 1:10

Wanneer daar in 'n kerk met selfondersoek begin word, kan hulle dalk agterkom dat hulle *sterk op pad nêrens heen is nie!* 'n Kerk se leer kan suiwer wees, maar dit is ook moontlik dat min dinge van geestelike belang plaasvind. Die profeet Amos het dit gestel dat 'hulle gemaklik in Sion' was. Hierdie gemaklikheid veroorsaak dat die kerk 'n stadige dood sterf.

Lei die gemeente opnuut deur die Nuwe-Testamentiese doelwitte en moenie die proses jaag nie. Moenie die vreugde van die ontdekking bederf deur die doelwitte in 'n preek uit te stippel nie. Mense sal met die kop en mond saamstem, maar hulle sal dit eers met die hart volg wanneer hulle dit self ontdek. Wanneer lidmate herontdek dat God hulle en hul kerk wil gebruik, is dit 'n goeie fondasie vir langtermyn groei en gesondheid.

Vier stappe wat nodig is om jou kerk te lei om sy doelwitte te (her)definieer:

- *Vind uit wat die Bybel sê.*
- *Kyk wat Christus se bediening op aarde.*

Hy wil dit wat Hy gedoen het terwyl Hy in 'n fisiese liggaam hier geleef het, voortsit in sy geestelike liggaam, sy kerk.

- *Kyk na Christus se opdragte.*

Matt. 16:18 sê Jesus: 'Ek (sal) my kerk bou.'

Dit is nie ons taak om die doelwitte van die kerk te **skep** nie, maar om dit te **ontdek**. Onthou, dit is Christus se kerk, nie ons s'n nie. Jesus het die kerk geplant, daarvoor gesterf, Sy Gees daaraan geskenk en sal eendag terugkeer

daarnatoe. As eienaar van die kerk het Hy reeds die doelwitte bepaal en dit is nie onderhandelbaar nie.

Ons plig is om Christus se doelwitte vir die kerk te verstaan en dit te implementeer. Hoewel die programme in elke geslag moet verander, verander die doelwitte nooit.

Ons kan innoverend wees met die **styl** van bediening, maar ons moet nooit die **boodskap** verander nie.

Soek antwoorde op vier vrae:

1. Hoekom bestaan die kerk?
2. Wat moet ons as 'n kerk *wees*?
3. Wat moet ons as 'n kerk *doen*?
4. Hoe moet ons dit doen?

Moenie hierdie proses jaag nie. Dit is belangrik dat 'n fondasies gelê word wat alles gaan stut wat in die toekoms gedoen moet word. Dit is belangrik dat die hele gemeente alles moet nagaan oor wat die Bybel oor die kerk sê en dan hul gevolgtrekkings moet vaspen. Ten einde laaste moet die gevolgtrekking waartoe die gemeente gekom het oor dit wat die Bybel sê oor die kerk se doelwitte, in slegs een sin op te som.

Hoe lyk 'n doeltreffende doelwitverklaring?

- ***Dit is Bybels***

Ons besluit nie oor die doelwitte van die kerk nie – ons *ontdek* dit.

- **Dit is spesifiek**

'n Doelwitverklaring moet eenvoudig en duidelik wees.

Deur 'n spesifieke doelwitverklaring te hê, word die kerk se energie gefokus. Die volgende vrae moet gevra word: 'Wat is die belangrikste goed wat die grootste verskil vir Christus in ons wêreld sal maak? Wat kan ons doen wat nêr die kerk kan doen?'

- **Dit kan maklik oorgedra word.**

Mense onthou nie preke of toesprake nie. Wat mense onthou, is eenvoudige stellings, slagspreuke of frases. Probeer om die doelwitverklaring so te verwoord dat dit maklik onthou sal word.

- **Dit is meetbaar.**

Twee belangrike Bybelaanhalings:

- Groot Gebod: Mat 22:37 en
- Groot Opdrag: Mat 28:19-20

In Matt. 22:37-40 staan daar: 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.... Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In hierdie twee gebooië is die hele wet en die profete saamgevat.'

En in Matt. 28:19-20 staan daar: 'Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.'

'n Goeie slagspreuk vir bogenoemde is: **Groot Toewyding aan die Groot Gebod en die Groot Opdrag sal 'n Groot Gemeente tot gevolg hê.**

Die vyf doelwitte van die kerk.

Die **Doelgerigte kerk** is daartoe verbind om al vyf take uit te voer waarvoor Christus die kerk geroep het.

- Doelwit 1: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart.

As ons liefde vir God betuig, aanbid ons Hom.

Die Bybel sê: 'Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.' (Matt. 4:10) Let op dat aanbidding voor diens geplaas word. Die kerk se eerste doelwit is om God te aanbid.

- Doelwit 2: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

Die woord wat ons gebruik om hierdie doelwit te beskryf, is *bediening*.

Bediening is om God se liefde aan ander te betoon deur hul behoeftes te bevredig en in Jesus se Naam hul seerkry te genees. Elke keer as jy in liefde na iemand uitreik, bedien jy hulle. Jesus sê selfs 'n glas koue water wat in sy Naam gegee word, tel as bediening. (Ef. 4:12).

'n Getroue lidmaat word dikwels gedefinieer in terme van sy kerkbywoning eerder as diensbaarheid binne die gemeente en lidmate sit net, verstok en versuur.

(RM: Soos in staatsdepartemente word mense betaal om werk toe te kom i.p.v. om te werk.)

- Doelwit 3: Maak dissipels van die mense.

Hierdie doelwit word *evangelisasie* genoem. Die kerk bestaan om God se Woord uit te dra. Die woord *gaan* behoort te lees '*terwyl jy gaan*', dus terwyl jy besig is met jou alledaagse lewe en tussen mense rondbeweeg. Ons moet die hele wêreld vertel van Christus se geboorte, sy kruisdood, sy opstanding en sy belofte om weer te kom.

Evangelisasie is so belangrik dat God ons in werklikheid vyf Groot Opdragte gegee het, een in elk van die Evangelies en een in die boek Handeling. Matt. 28:19-20; Markus 15:15; Lukas 24:47-49; Johannes 20:21 en Handeling 1:8. Hier gee Jesus ons opdrag om die boodskap van verlossing aan die wêreld te verkondig.

Evangelisasie is meer as ons verantwoordelikheid, dit is 'n groot voorreg.

Daar is geen belangriker saak om jou lewe aan te wy nie. Indien daar 'n kuur vir kanker bestaan, sou jy alles in jou vermoë gedoen het om die nuus te versprei. Dit sal miljoene lewens red. Maar jy weet egter van soveel beter nuus – die evangelie van die ewige lewe, en dit moet jy deel met die res van die wêreld.

Groei is nie opsioneel nie, dit is 'n opdrag van God. Ons moenie kergroei najaag ter wille van onself nie, maar omdat God wil hê mense moet gered word.

As Christene word ons geroep om ***in te skakel*** nie net om te ***glo*** nie.

- Doelwit 4: Doop hulle

In die Griekse teks oor die Groot Opdrag is daar drie woorde in die teenwoordige tyd: *gaan*, *doop* en *leer*.

Hoekom is die doop so belangrik dat dit insluiting in Christus se Groot Opdrag regverdig? Dit is omdat dit een van die doelwitte van die kerk simboliseer: *gemeensamheid* ('fellowship) – identifisering met die liggaam van Christus. Ons is nie bedoel om alleen te lewe nie. Die doop is dus 'n simbool van gemeensamheid en nie net van redding nie.

Efesiërs 2:19 lui: 'Julle is dus nie meer vêr van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.'

- Doelwit 5: Leer hulle om gehoorsaam te wees.

Die woord wat ons algemeen gebruik om na hierdie doelwit te verwys, is *dissipelskap*.

Dissipelskap is die proses om mense te help om meer soos Christus te word in hul gedagtes, gevoelens en optrede.

Kolossense 1:28 sê: 'Hom verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens *tot geestelike volwassenheid in Christus* kan bring (klem bygevoeg).

Kerke sal altyd verskil oor *hoe* dit gedoen moet word, maar daar behoort daar geen verskil te wees oor *wat* ons geroep is om te doen nie.

Saddleback se doelwitverklaring

Verheerliking: Ons vier God se teenwoordigheid deur aanbidding.

Sendingwerk: Ons kommunikeer God se Woord deur evangelisasie.

Lidmaatskap: Ons betrek God se familie deur gemeensaamheid.

Volwassenheid: Ons onderrig God se kinders deur dissipelskap.

Bediening: Ons demonstreer God se liefde deur diens.

Om mense te lei na Jesus en tot lidmaatskap van sy familie; hulle tot volwassenheid in Christus te ontwikkel, hulle toe te rus vir bediening in die kerk en hul sendingtaak in die wêreld ten einde God se Naam te verheerlik.

Drie belangrike onderskeidende kenmerke van Saddleback se doelwitverklaring:

1. Dit word gestel **in terme van resultate** eerder as aktiwiteite.

Vyf meetbare resultate word gelys. Meeste kerke stel dit gewoonlik in terme van aktiwiteite ('ons bou, evangeliseer, aanbid, ens.')

By Saddleback vra ons vrae soos: Hoeveel meer as verlede jaar? Hoeveel het ons na Christus gelei? Hoeveel nuwe lidmate het ons? Hoeveel toon geestelike volwassenheid? Hoeveel is toegerus en gemobiliseer vir bediening? HOeveel vervul hul lewenstaak in hierdie wêreld?

2. **Deelname** deur elke lidmaat word **aangemoedig**.

Inplaas daarvan om te probeer om 'n kerk deur programme te laat groei, konsentreer daarop om mense deur 'n proses te laat groei. Wanneer 'n proses in plek is om dissipels te ontwikkel en jy hou daarby, sal kerkgroei konstant, gesond en gebalanseerd wees. Benjamin Disraeli het eens opgemerk: 'Trou aan doelwitte is die geheim van sukses.'

Betrek mense as *lidmate*, bou hulle op tot *volwassenheid*, rus hulle toe vir *bediening* en stuur hulle uit om *evangelisasiewerk* te doen en so die Here te *verheerlik*.

Wanneer bogenoemde nie met oorgawe gedoen word nie, laat ons die groot verantwoordelikheid wat Christus aan ons gegee het, aan die toeval oor.

'n Duidelike doelwitverklaring verskaf die rigting, energie, grense en dryfkrag vir alles wat jy doen.

Hoofstuk 6 – Kommunikeer jou doelwitte

'n Onbetroubare boodskapper kom in die moeilikheid; 'n gesant op wie jy kan staatmaak stel sake weer reg. Spreuke 13:17

Die belangrikste verantwoordelikheid van leierskap is om die doelwit minstens een keer per maand duidelik te stel. Mense en kerke verloor baie gou die doelwit uit die oog. Dit is nie iets wat net een keer gedoen word en dan word daarvan vergeet nie.

Maniere om visie en doelwitte te kommunikeer

- **Die Bybel**

Wys lidmate daarop dat elke deel van die gemeente se visie op die Bybel gebaseer is deur Bybelverse aan te haal wat die lering verduidelik. **Simbole**

- **Slagspreuke**

Slagspreuke, spreekwoorde, leuses en pittige frases word onthou lank nadat preke vergeet is.

- **Verhale**

Jesus het eenvoudige stories gebruik om mense te help om sy visie te verstaan en daarby aanklank te vind. Matteus 13:34 lui: 'Al hierdie dinge het Jesus vir die mense in gelykenisse geleer en sonder 'n gelykenis het Hy hulle niks geleer nie.'

Gebruik stories om jou kerk se doelwitte te dramatiseer.

- **Fyner besonderhede**

Formuleer altyd praktiese, duidelike en konkrete aksieplanne wat uitstippel hoe jou kerk beplan om sy doelwitte te bereik. Beplan projekte, skeduleer

gebeure , ken geboue toe en huur personeel vir elke doelwit. Die fyn besonderde maak saak vir mense. Niks is dinamies voor dit spesifiek is nie. 'n Vae visie het geen aantrekkingskrag nie.

Verpersoonlik die doelwitte

Die beste manier om dit te doen, is om te wys dat elke doelwit gekoppel is aan 'n voorreg en 'n verantwoordelikheid. Kolossense 3:15 lui: 'God het julle immers geroep om as lede van een liggam in vrede met mekaar te lewe.'

'n Lidmaat van 'n kerkfamilie het beide verantwoordelikhede en voorregte. Verpersoonlik die doelwitte deur daarop te wys dat dit die gemeente se *verantwoordelikheid* is om die *doelwitte te verwesenlik* en die gemeente se *voorreg om dit te geniet*.

My verantwoordelikheid as 'n gelowige

God wil hê ek moet 'n lid van sy familie wees. Die Bybel stel dit duidelik dat Christen-wees nie net behels om te glo nie – jy moet ook inskakel. Die Christen-lewe is nie 'n alleenlewe nie. Ons is veronderstel om in 'n verhouding tot mekaar te lewe.

Efesiërs 2:19 lui: 'Julle is....medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.'

God wil hê ek moet 'n voorbeeld wees van sy karakter. Dit is die verpersoonlikte doel van dissipelskap.

In 1 Timoteus 4:12 noem Paulus 'n paar spesifieke areas waarin ons die karakter van Christus moet navolg. 'Wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.'

Let daarop dat volwassenheid nie gemeet word aan wat jy geleer het nie, maar aan jou lewenstyl.

God wil hê ek moet sy genade aan ander betoon. As jy jou lewe aan Christus gee, onderneem jy om vir die res van jou lewe ander in sy Naam te dien.

Efesiërs 2:10 lui: 'God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.'

God wil hê ek moet 'n boodskapper van sy liefde wees. Deel van die posbeskrywing van elke gelowige is dat, sodra ons weergebore is, ons boodskappers van die Goeie Nuus word. Paulus sê: 'Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jees gekry het, kan klaarmaak: dit is om die evangelie van God se genade te verkonding.' (Handeling 20:24).

Ons moet by ongelowiges pleit om die liefde te ervaar wat Hy bied – en so met God versoen te word.

Al ooit gewonder hoekom God ons, nadat ons Christus aangeneem het, hier op aarde met al sy pyn, hartseer en sonde laat bly? Hoekom neem Hy ons nie dadelik hemel toe en spaar ons al die ellende nie? Om die waarheid te sê, daar is net twee dinge wat jy nie in die hemel kan doen nie wat jy wel op aarde kan doen: sondig en getuig teenoor ongelowiges.

Elke mens het 'n ingebore drang om te aanbid. As ons nie vir God aanbid nie, sal ons iets anders kry om te aanbid, hetsy ons werk, gesin, geld, sport of selfs onself.

Sê dit weer en weer

'n Bekende beginsel in die advertensiewêreld is dat mense iets sewe keer moet hoor of sien voor dit werklik insink.

Baie pastors verstaan nie die mag van die preekstoel nie. Soos die roer van 'n skep sal dit die rigting van die kerk bepaal, of jy dit nou met opset doen of nie. As jy 'n pastor is, gebruik jou preekstoel om jou doelwitte te verkondig.

'n Gemeente se visie vervaag mettertyd, tensy jy dit dikwels herhaal.

Hoofstuk 7 – Organiseer rondom jou doelwitte

Nuwe wyn moet in nuwe velsakke gegooi word. Lukas 5:38

Wanneer nuwe bekeerlinge sonder enige opvolgmeganisme gelaat word, sal die vrug op jou werk van korte duur wees. Soos die 18de eeuse prediker Whitefield – hy het duisende tot bekering gelei maar aangesien hy geen opvolgwerk gedoen het nie, weet baie min Christene vandag nog van George Whitefield. As jy blywende vernuwing in jou gemeente wil bring, moet daar 'n struktuur wees wat die vernuwing fasiliteer en ondersteun.

Onthou, balans is die sleutel in 'n gesonde gemeente.

Leiers is van nature geneig om te beklemtoon waaroor hulle sterk voel en die dinge te verwaarloos waaroor hulle minder passievol is. Regdeur die wêreld vind jy kerke wat 'n verlengstuk van hul pastor se gawes geword het. Tensy hy met opset 'n stelsel en 'n struktuur skep wat balans handhaaf tussen die vyf doelwitte, sal jou kerk neig om meer klem te plaas op die doelwit wat die pastor se spesifieke gawes en passie weerspieël.

Daar bestaan vyf soorte gemeentes:

Gemeentes wat siele red, gemeentes wat God wil beleef, die 'een groot familie' gemeente, die klaskamergemeente, die 'sosiale bewussyn' gemeente. Die lidmate van elk van hierdie gemeentes sal gewoonlik hul gemeente as die *mees geestelike* beskou. Ons wil almal deel wees van 'n kerk wat die meeste klem lê op wat òns voel belangrik is.

Baie van die konflik in gemeentes ontstaan wanneer die kerk 'n pastor beroep wie se gawes en passie nie ooreenstem met die kategorie waarin die gemeente in die verlede geval het nie.

Byvoorbeeld, as 'n "een groot familie" gemeente dink hulle beroep 'n pastor wat hul herder sal wees en hulle kry 'n evangelis of 'n hervormer, sal die vonke spat. Dit is 'n bloudruk vir moeilikheid.

'n Gebalanseerde gemeente is 'n gesonde gemeente.

1 Korintiërs 12 lig uit: die liggaam van Christus bestaan uit baie dele. Dit is nie net 'n hand of 'n mond of 'n oog nie; dit is 'n stelsel van onderling afhanklike dele en organe.

Wanneer al hierdie stelsels in balans is, is jy 'gesond'. 'n Wanbalans veroorsaak siektes.

'n Goeie aanduiding van 'n kerk se doeltreffendheid ten opsigte van evangelisasie is wanneer die eredienste se bywoningsyfer ten minste 25 persent meer is as die getal lidmate.

Die toegewydes

Hierdie is mense in die kerk wat geestelik en in hul lewenswandel groei – mense wat ernstig is oor hul geloof – maar wat om die een of ander rede nie aktief in 'n bediening van jou kerk is nie. Hulle bid, gee en is verbind daartoe om te groei in *dissipelskap*. Goeie mense, maar hulle het nog nie betrokke geraak by bediening nie.

Hul moet verbind word tot drie geestelike gewoontes:

- 1: om daaglik stiltetyd te hou.
- 2: om 'n tiende van hul inkomste te gee.
- 3: om aktief by 'n kleingroep in te skakel.

Die kern

Die 'kern' is die kleinste groep, want dit verteenwoordig die hoogste vlak van verbintenis. Hulle is *aktief by bediening* betrokke.

Voorbeelde hier is Kategete, diakens, ouderlinge, musikante, jeugwerkers en so meer. Jou kernwerkers is die hartklop van jou gemeente. Dit mag dalk nodig wees om elke maand 'n opleidingsessie vir jou kernlidmate te hou.

Jesus het erken dat daar verskillende vlakke van verbintenis is.

Jesus se bediening het ingesluit dat Hy die *gemeenskap* bedien het, die *skare* gevoed het, die *gemeente* byeengebring het, die *toegewydes* uitgedaag het en die *kern* opgelei het as dissipels. Ons moet Jesus se voorbeeld volg. Jesus het op die vlak van verbintenis begin waar elke persoon wat Hy ontmoet het, hom bevind het. Dikwels het Hy net hul belangstelling geprikkel en 'n begeerte geskep om meer uit te vind.

Dan, as mense aangehou het om Hom te volg, het Jesus stadig en sorgvuldig die koninkryk van God duideliker gedefinieer en 'n hoër vlak van verbintenis gevra, maar Hy het dit net gedoen nadat sy volgelinge die vorige vlak bereik het.

Tydens Jesus se eerste ontmoeting met Johannes en Andreas het hy eenvoudig gesê: 'Kom saam, dan sal julle sien.' (Joh. 1:39). Hy het nie moeilike vereistes aan daardie vroeë volgelinge gestel nie. Hy het nie die evangelie afgewater nie. Hy het net belangstelling geskep.

Jesus het geleidelik 'n hoër vlak van verbintenis gevra. Uiteindelik, nadat Hy drie jaar lank onder hulle gewerk het en net ses dae voor sy verheerliking op die berg, het Jesus die finale uitdaging aan die skare gerig: 'As iemand agter My wil aankom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg.' (Mark 8:34).

Jesus het Sy liefde vir hulle gedemonstreer en hulle vertrouwe gewen. Maar aan 'n vreemdeling wat die kerk die eerste keer besoek, dink ek sou Jesus bloot gesê het: 'Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en julle sal rus kry vir julle gemoed.' (Matt. 11:28-29).

Jesus het altyd begin waar mense was – op hul vlak van verbintenis – maar Hy het hulle nooit daar gelaat nie. Jesus het in ag geneem dat mense verskillende kultuuragtergronde, begrip en vlakke van geestelike toewyding het. Hy het geweet dat dieselfde hantering nie vir alle mense werk nie. Dieselfde geld vir die "vlakke van verbintenis."

Ons moet nie wat ons met die gemeenskap en die skare doen, verwat met wat ons met die kerngroep doen nie. Elke groep vereis 'n ander benadering. 'n Skare is nie 'n gemeente nie, maar 'n skare kan in 'n gemeente omskep word.

Hoostuk 8 - Pas jou doelwitte toe

Ons vertrou op die Here dat julle die dinge doen wat ons julle geleer het en dat julle daarmee sal aanhou. 2 Tessalonisense 3:4

Ons is nou by die moeilikste deel om 'n doelgerigte kerk te word. Baie gemeentes het gedoen wat in die vorige hoostukke geskryf is. Hulle het hul doelwitte gedefinieer en 'n doelwitverklaring opgestel; hulle herinner hul lidmate gereeld aan die doelwitte; sommige het selfs hul struktuur rondom hierdie doelwitte gereorganiseer. 'n Doelgerigte gemeente moet egter een stap verder gaan en sy **doelwitte streng toepas op elke aspek van die gemeente – programme, skedules, begrotings, personeel, preke en dies meer.**

Die integrasie van jou doelwitte in elke area en elke aspek van jou gemeentelêwe is die moeilikste deel van die proses om 'n doelgerigte kerk te word.

Werk stadig. Fokus op vordering, nie op volmaaktheid nie.

Tien maniere om doelgerig te wees

1. Betrek nuwe lede doelbewus

Skuif hulle van die skare na die gemeente (vir gemeenskap). Lei die gemeente om deel te word van die toegewydes (vir dissipelskap) en maak hulle later deel van die kern (vir bediening). Stuur die kern uiteindelik na die gemeenskap (vir evangelisasie). Hierdie proses verwesenlik al vyf doelwitte van die kerk.

Die kerk moet van buite na binne groei. Begin met jou gemeenskap, nie met die kern nie.

Dit is maklik om *'koinonitis'* te ontwikkel. (Peter Wagner). Die siekte van 'n groep wat so kliekerig is dat nuwelinge bang is om deel daarvan te word. Die probleem met die meeste klein gemeentes is dat hulle net uit 'n kern bestaan en niks anders nie.

RW: Het persoonlik honderde kerklose mense ontmoet deur 12 weke lank van deur tot deur te loop en te luister na mense wat nie kerk toe gaan nie. Ek het hulle behoeftes ontleed, verhoudings ontwikkel en brûe van vriendskap gebou met soveel kerklose mense as wat ek kon.

Dit vereis 'n enorme hoeveelheid energie om 'n skare van nuuts af te versamel. Eenvoudige, maklik verstaanbare preke is gelewer, soos 'Goeie nuus oor algemene probleme' en 'God se plan vir jou lewe.' Dit is belangrik om steeds na die gemeenskap uit te reik sodat die skare groter word, maar kleim moet gelê word op die bou van verhoudings binne die groep.

God kan 'n skare kerkgangers wat net op hulleself fokus verander in 'n gemeente van lidmate wat vir ander omgee.

Soos wat die lidmate se geloof groei moet groter klem gelê word op betrokkenheid by bediening deur boodskappe soos 'Maak die meeste wat God jou gegee het.' Dit kan nodig wees om meer personeel aan te stel om te help om gereelde vergaderings

te lei waartydens die leiers van verskillende bedienings opgelei en bemoedig en aan toesig onderwerp word.

Soos Paulus in 1 Kor. 3:10: '...soos 'n goeie bouer die fondament [te lê]'

Dit neem tyd om toewyding te bou, om gehalte te ontwikkel en om mense deur 'vlakke van verbintenis' te lei. God neem ses uur om 'n sampioen te maak. Hy neem 60 jaar om 'n akkerboom te maak. Wil jy hê jou gemeente moet 'n sampioen of 'n akkerboom wees?

2. Beplan aktiwiteite rondom jou doelwitte

Kies of skep 'n program om elke doelwit van die gemeente te verwesenlik. Elke vlak van verbintenis moet ooreenstem met 'n doelwit van die kerk.

Staak enige program wat nie 'n doelwit verwesenlik nie. Vervang 'n aktiwiteit as daar een is wat beter werk as die een wat gebruik word. Aktiwiteite moet altyd in diens staan van die gemeente se doelwitte.

Brugbou-geleentheid. Die hoofaktiwiteit wat ons by Saddleback gebruik om die gemeenskap te bereik, is die gemeenskapsprogram wat ons deur die loop van die jaar aanbied. Sommige brugbou-geleentheid is evangelies van aard, terwyl ons ander 'pre-evangelies' beskou – hulle maak bloot die kerklose mense in ons gemeenskap bewus van ons kerk.

Die hoofprogram vir die gemeente is ons kleingroepnetwerk. Gemeensaamheid, persoonlike versorging en die gevoel dat jy tuishoort, tel onder die voordele wat jy geniet as jy deel van 'n kleingroep is.

Lewensontwikkelingsinstituut. Die hoofprogram vir die toegewydes is ons Lewensontwikkelingsinstituut. Hier word geleentheid vir geestelike groei aangebied: Bybelstudies, seminare, werksinkels, mentor-geleentheid en onafhanklike studieprogramme. 'n Persoon kan krediete verwerk vir die klasse wat hy of sy bywoon en uiteindelik 'n diploma verwerf.

Gevorderde leierskapopleiding. Die belangrikste program vir die kerngroep is ons gevorderde leierskapopleiding elke maand. Dit sluit in verslae en getuienis van die onderskeie bedienings, die uitspel van die visie deur die pastor, vaardigheid- en leierskapopleiding, gebed en die bekendstelling van nuwe bedieningsleiers. (RW beskou dit as die belangrikste vergadering met die bedieningsleiers wat hy lei en waarvoor hy moet voorberei.)

Belangrik om te onthou: Geen enkele program, ongeag hoe groot dit is of hoe goed dit in die verlede gewerk het, sal *al* die doelwitte van jou kerk ordentlik kan

verweselik nie. Net so kan 'n enkele aktiwiteit nooit al die mense in die vyf sirkels in jou kerk dien nie.

3. Leer jou mense doelbewus

Ons wil daders van die Woord produseer- nie net hoorders nie. Ons wil mense verander, nie net vermaak nie. Een van ons slagspreuke is: 'Jy glo net die deel van die Bybel wat jy DOEN'.

Transformasie sal nie per toeval plaasvind nie. Ons moet 'n opvoedingsproses vestig wat mense aanmoedig om te doen wat hulle geleer het en hulle beloon wanneer hulle dit doen. Die 'Lewensontwikkelingsproses.'

Ons einddoel by Saddleback is om 'n gehoor in 'n leëmag te verander. Jy oordeel nie hoe sterk 'n aanvalsmag is volgens die aantal soldate wat in die eetsaal sit en eet nie, maar volgens hulle resultate op die slagveld. Die kerk se krag word dus nie gemeet aan hoeveel mense vir die eredienste opdaag nie, maar hoeveel in die kerngroep dien.

Ons kan slegs die Groot Opdrag uitvoer as ons die lidmate help om verby al die bowwe tot by die tuisbof te vorder.

4. Begin doelgerigte kleingroepe

Soeker groepe: Spits hulle toe op evangelisasie.

Ondersteuningsgroepe: Groepe vir nuwe ouers, mense wie se kinders die huis verlaat het. Groepe wat mense ondersteun wat deur egskeiding gaan of hul lewensmaat aan die dood afgestaan het. Groepe wat mense wat trauma beleef het help.

Diensgroepe: Hierdie groepe vorm rondom 'n bepaalde bediening, bv. die Weeshuis, tronkbediening, bediening aan geskeide persone.

Groeigroepe: Spits hulle toe op geestelike groei, dissipelskap-opleiding en indiepte Bybelstudie.

Mense word toegelaat om hulle kleingroep te kies wat die beste by hul behoeftes, hul belangstelling, hul lewensfase en hul geestelike volwassenheid pas. Elke kleingroep moet op ten minste een doelwit van die kerk fokus.

5. Stel personeel doelgerig aan: Ons soek nie net na karakter en bevoegdheid wanneer ons onderhoude voer nie, ons soek passie vir een van die kerk se doelwitte. Mense wat sterk voel oor wat hulle doen, motiveer hulleself.

As ek vandag 'n nuwe kerk sou plant, sou ek begin deur vyf vrywilligers vir vyf poste te werf: 'n musiek- en lofpryingdirekteur wat help om die eredienste vir die skare voor te berei; 'n lidmaatskapdirekteur om toesig te hou oor die versorging van gemeentelidmate; 'n groeidirekteur om toesig te hou oor Bybelstudieklasse vir die toegewydes; 'n bedieningsdirekteur om onderhoude te voer om mense in bedienings te plaas en toesig te hou oor die bedienings van die kerngroep en 'n sendingdirekteur om toesig te hou oor ons evangelisasie- en sendingprogramme in die gemeenskap.

6. Maak jou struktuur doelgerig: Organiseer rondom doelgerigte spanne eerder as volgens tradisionele komitees.

Ons moet ons voordurend vra: 'Waarmee is ons besig?' en 'Hoe vaar ons daarmee?'

Momentum werk in jou guns. Hoe meer jou lidmate jou doelwitte verstaan en hulle daartoe verbind, hoe sterker sal jou gemeente word.

Deel drie – Reik uit na jou gemeenskap

Hoofstuk 9 – Wie is jou teiken?

Jesus: 'Ek is net na die verlore skap van die volk Israel toe gestuur.' Matteus 15:24

Paulus: 'Inteendeel, hulle het ingesien dat die taak aan my toevertrou is om die evangelie aan die nie-Jode te verkondig, net soos dit aan Petrus toevertrou is om die evangelie aan die Jode te verkondig.' Galasiërs 2:7

Selfs die evangelies is geskryf met spesifieke teikengehore ingedagte. Het jy al ooit gewonder hoekom God vier skrywers en vier boeke gebruik het om die een lewe van Christus te boekstaaf? Byna al die verhale en lesse in die Evangelie volgens Markus word tog in die Evangelie volgens Matteus gedek. Hoekom is albei boeke nodig? Omdat die Evangelie volgens Matteus op die Joodse leser gerig was en die Markus-Evangelie op die heidense leser. Die boodskap was dieselfde, maar hulle het vir verskillende gehore geskryf en hul kommunikasiestyl het verskil. **God het die idêe van teikengroepe vir evangelisasie uitgedink!** Hy verwag van ons om teenoor mense te getuig op 'n manier waarby hulle sal aanklank vind.

Die gebruik om evangelisasie op bepaalde teikengroepe te rig, is veral belangrik in klein gemeentes. In 'n klein gemeente met beperkte hulpbronne is dit uiters belangrik om jou middele te rek.

Fokus jou hulpbronne daarop om die mense te bereik met wie jou gemeente die beste kan kommunikeer. Klein gemeentes moet ook belangrike besluite neem. Byvoorbeeld: Omdat dit onmoontlik is om tydens een diens almal se musieksmaak te bevredig en omdat kleiner gemeentes nie verskillende dienste het nie, moet hulle 'n teikengroep kies. Om weekliks die

erediensstyle af te wissel, sal dieselfde uitwerking hê as 'n radiostasie wat sy musiek meng.
Niemand sal gelukkig wees nie.

Klein gemeentes raak doeltreffend as hulle spesialiseer in wat hulle die beste doen.

Hoe bepaal jy jou teikengroep?

Die geografie, gewoontes, kultuur en geloof van die mense in die Nuwe-Testamentiese tyd moet verstaan word as die tydlose, ewige waarheid van God uit hulle konteks, afgelei wil word.

1. *Definieer jou teikengroep geografies*

Geografiese afbakening beteken bloot om te identifiseer waar die mense bly wat jy wil bereik. Mense kies deesdae gemeentes hoofsaaklik op grond van verhoudings en programme, nie ligging nie.

As jy eers jou geografiese teikengroep bepaal het, sal jy weet hoeveel mense in jou 'visdam' is.

Elke kerk het sy eie visdam en elke visdam se aantal en soort visse verskil.

2. *Definieer jou teikengroep demografies*

Die volgende is belangrike faktore wanneer jy op 'n gemeenskap fokus vir evangelisasie:

- Ouderdom: Hoeveel mense in elke ouderdomsgroep?
- Huwelikstaat: Hoeveel is enkellopend? Hoeveel is getroud?
- Inkomste: Wat is die inkomstemediaan en gemiddelde inkomste per huishouding?
- Opvoeding: Wat is die opvoedingsvlak van die gemeenskap?
- Beroep: Wat soorte werk doen die meeste mense?

3. *Definieer jou teikengroep kultureel*

Een van die grootste struikelblokke vir kergroei is "blindheid vir mense" – om onbewus te wees van sosiale en kulturele verskille tussen mense.

Binne jou gemeenskap is daar waarskynlik baie subgroepe of subkulture. Om elkeen van hierdie groepe te bereik, moet jy ontdek hoe hulle dink.

Die beste manier om die kultuur, denkwysse en lewenstyl van mense te leer ken, is om self met hulle te praat. Luister wat hulle seer of bang maak en waarin hulle belangstel.

4. *Definieer jou teikengroep geestelik*

Kerlose akademië in een gebied verskil hemelsbreed van kerklose boere in 'n ander streek.

Verpersoonlik jou teikengroep

Stel 'n profiel saam van die tipiese kerklose mens wat die kerk wil bereik.

Ons teiken: Saddleback Sam

- Hy is goed opgevoed.
- Hy hou van sy werk.
- Hy hou van waar hy bly.
- Gesondheid en fiksheid is hoë prioriteit vir hom en sy gesin.
- Hy sal eerder in 'n groot groep as in 'n klein groepie kuier.
- Hy is skepties oor 'georganiseerde' godsdiens.
- Hy hou van kontemporêre musiek.
- Hy dink hy geniet die lewe nou meer as vyf jaar gelede.
- Hy is selftevrede, amper selfvoldaan, oor sy posisie in die gemeenskap.
- Hy verkies die informele bo die formele.
- Hy het baie skuld en min tyd.

'n Ander belangrike karaktereienskap van Saddleback Sam is dat hy skepties staan teenoor wat hy 'georganiseerde' godsdiens noem. Omdat Sam van Suid-Kalifornië is, verkies hy informele byeenkomste bo stywe, formele gedoentes. Hy trek informeel aan om die gematigde klimaat van Suid-Kalifornië te pas. Ons neem dit in ag as ons dienste beplan om die Sams van die omgewing te lok. Ek dra byvoorbeeld nooit 'n pak of 'n das as ek by Saddleback preek nie. Ek trek doelbewus informeel aan om by die denkwysse te pas van diegene wat ek wil bereik.

Volg Paulus se strategie in 1 Korintiërs 9:20: 'Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen.'

Wanneer 'n profiel van 'n tipiese inwoner in jou gebied saamgestel moet word, watter karaktereenskappe sal jy hom gee? Wat sal jy hom noem?

Kan jy jou indink dat 'n fotograaf 'n foto sal neem sonder om eers te fokus? Watter jagter sal op die kruin van 'n heuwel staan en blindweg in die vallei afskiet sonder om na iets te mik? Sonder 'n teiken is ons pogings tot evangelisasie blote dagdromery. Natuurlik neem dit tyd om te fokus en te mik, maar dit lewer resultate. Hoe duideliker jou teiken in fokus is, hoe groter is die kans dat jy sal raak skiet.

Hoofstuk 10 – Ken jou beste kandidate

Daarna het hy eers sy broer Simon gaan soek en vir hom gesê: 'Ons het die Messias gekry!' Johannes 1:41

Jesus het by hom in sy huis gaan eet en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet. Matteus 9:10

Selfs al word daar net vinnig deur die Nuwe Testament gelees, is dit duidelik dat die evangelie hoofsaaklik deur verhoudings versprei het. Ek glo die doeltreffendste evangelisasie-strategie is om eers diegene te bereik met wie jy reeds iets gemeen het.

Elke gemeente sal sekere soorte mense makliker as ander bereik, ander sal nooit deur daardie betrokke gemeente bereik word nie omdat daardie mense 'n ander bedieningstyl vereis as wat die gemeente hulle bied.

Wie woon reeds jou gemeente se byeenkomste by?

Wanneer besoekers by jou kerkgebou instep, handel hul eerste vraag nie oor godsdiens nie, maar oor kultuur. Terwyl hulle na die kerk vol vreemde gesigte kyk, is hul stille vraag: 'Is hier nog iemand soos ek?' As besoekers mense soos hulleself in die gemeente sien, is die kans baie beter dat hulle sal terugkom.

Watter soort leiers het die gemeente?

Wat is die kulturele agtergrond en persoonlikheid van die gemeente se leierskorps?

Die karaktereenskappe van die leierskorps – betaalde personeel sowel as vrywilligers – het 'n reuse-invloed op 'n gemeente se bediening. Leiers gooi lang skaduwees.

God het elkeen van ons op verskillende maniere geroep en gevorm om verskillende mense te bereik. Een persoon kan mense vir God bereik wat 'n ander dalk nooit sal bereik nie en so ook die omgekeerde. Dit is hoekom die liggaam van Christus ons almal nodig het.

Jy sal mense by wie jy aanklank vind die beste bereik.

Die vermoë om mense met 'n vreemde kultuur te bedien, vereis 'n spesiale gawe, 'n vermoë van die Heilige Gees om met mense te kommunikeer wie se agtergrond van joune verskil.

Dit kan gebeur dat God pastors wat in een streek gebore is, suksesvol maak in streke met 'n total verskillende lewensuitkyk en –benadering maar dit is die uitsondering op die reël – met 'n baie talentvolle pastor aan die stuur. 'n Gemeente sal 'n 'groeiontploffing' beleef as die soort mense in die gemeenskap aanklank vind by die soort mense wat reeds in die gemeente is en as albei groepe aanklank vind by die pastor.

Gestel jou gemeente pas nie by jou gemeenskap nie?

Bou op jou sterk punte: Hou aan om te doen wat jy goed doen en doen dit nog beter.

Begin van vooraf: Vervang bestaande programme, strukture en aanbiddingstyle heeltemal met nuwes. Dit is egter nie aan te beveel nie! Dit is 'n pynlike proses en kan jare duur. Dit kan suksesvol gedoen word, maar nie sonder 'n reuse hoeveelheid deursettingsvermoë nie.

Dit neem 'n baie liefdevolle, geduldige en talentvolle pastor om 'n gemeente te lei wat homself herontwerp.

Moenie eers hierdie opsie oorweeg in 'n gemeente met meer as 100 lidmate nie, tensy God duidelik aan die gemeente wys om dit te doen. Dit is 'n martelaarspad.

Begin nuwe gemeentes: Hierdie opsie word eerder aanbeveel. Eerstens kan nog 'n erediens gehou word met 'n ander aanbiddingstyl om mense te bereik wat nie van die bestaande een hou nie. (SS – ons Straatkafee, wel nie nuwe gemeente, maar voorsiening gemaak vir 'andersdenkendes"?)

Om nuwe gemeentes te begin, is die vinnigste manier om die Groot Opdrag te vervul.

In Biologie is geleer dat die vermoë om te reproduseer die primêre karaktereinskap van biologiese volwassenheid is. Dieselfde kan gesê word van die kerk. Die kenmerk van 'n waarlik volwasse kerk is dat dit babas het: Dit stig ander gemeentes.

Herken die mate van geestelike ontvanklikheid in jou gemeenskap.

Wie is die ontvanklikste mense? Mense in 'n oorgangstadium en mense wat spanning verduur. God gebruik beide verandering en pyn om mense se aandag te trek.

Mense in 'n oorganstadium

Wanneer mense groot veranderinge beleef – positief of negatief – skep dit klaarblyklik 'n honger na geestelike stabiliteit. Mense soek 'eilande van stabiliteit' wanneer verandering hulle oorweldig.

Mense wat spanning verduur

Angstige of bang mense soek dikwels iets groter as hulself om die pyn te verlig en die leegheid te vul wat hulle beleef.

Die tien mees moontlik ontvanklike groepe na wie uitgereik kan word:

1. Besoekers wat 'n tweede keer na die kerk toe kom.
2. Hegte vriende en familie van nuwe bekeerdes.
3. Mense wat besig is met 'n egskeiding.
4. Mense wat behoefte het aan 'n herstelprogram (alkohol, dwelmmiddels, seksuele vergrype en dies meer).
5. Nuwe ouers.
6. Mense wat terminaal siek is en hul gesinne.
7. Egpere met ernstige huweliksprobleme.
8. Ouers met probleemkinders.
9. Mense wat onlangs hul werk verloor het of diegene met groot geldelike probleme.

10. Nuwe intrekkers in 'n gebied.

Die gemeente kan moontlik 'n doelwit stel om 'n spesifieke program of uitreik te reël wat gemik is op elk van die mees ontvanklike groepe in jou gemeenskap.

Iemand sal waarskynlik die opmerking maak: 'Voordat ons nuwe mense probeer bereik, moet ons eers probeer om weer al die ou lidmate te betrek wat opgehou het om kerk toe te kom.' **Dit werk nie!** Dit neem gewoonlik vyf keer meer energie om 'n ontevrede of wêreldse lidmaat weer te betrek as om 'n ontvanklike ongelowige te bekeer.

RW glo dat God pastors geroep het om vis te vang en skape te voed, nie om bokke in 'n kraal te jaag nie. As jy wil groei, fokus op ontvanklike mense.

Hoofstuk 11 – Ontwikkel jou strategie

Ek probeer om naby aan alle mense te kom sodat ek op een of ander manier party van hulle na Christus toe kan bring. 1 Kor. 9:22

Hy sê toe vir hulle: 'Kom hier! Kom saam met My en Ek sal julle vissers van mense maak. Matteus 4:19

'n Visserman se hengelpieke is gewoonlik bepaal deur wat vir hom die gerieflikste sou wees. Hul het geen strategie nie en die resultate wys dit gewoonlik. Ongelukkig het baie gemeentes dieselfde onverskillige houding as 'visvang' vir die koninkryk. Hulle bestee nie tyd om die mense wat hulle wil bereik te verstaan nie. Hulle het nie 'n strategie nie. Hulle wil mense vir Christus wen, solank hulle dit net op 'n gerieflike manier kan doen. Die geheim van doeltreffende evangelisaie is nie net om die boodskap van Christus te deel nie, maar ook om sy metodes te volg. RW glo Jesus het ons nie net geleer wat ons moet sê nie, maar ook hoe ons dit moet doen. Hy het 'n strategie gehad. Hy het vir ons die tydlose beginsel van evangelisasie geïllustreer en as ons dit toepas, werk dit vandag nog net so goed.

Matteus 10 en Lukas 10 bied twee verduidelikings van Jesus se strategie vir teikengerigte evangelisasie. Voordat Jesus sy dissipels uitgestuur het om evangelisasiewerk te doen, het Hy hulle spesifieke opdragte gegee. Hierdie opdragte het gehandel oor saam met wie hulle tyd moes deurbring, wie hulle moes ignoreer, wat hulle moes sê en hoe hulle die boodskap moes deel. **Weet wat (wie) jy wil vang.**

Gaan na waar die vis byt.

Matt. 10:14: 'As iemand julle nie ontvang nie en nie na julle woorde luister nie, *gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit* en skud die stof van julle voete af.' (Klem bygevoeg). Dit is 'n baie betekenisvolle stelling wat nie geignoreer moet word nie. Jesus het aan sy dissipels gesê om nie te sukkel met mense wat nie wil luister nie. Dit is 'n mors van tyd.

Daar is baie meer mense in die wêreld wat gereed is om Christus aan te neem as wat daar gelowiges is wat bereid is om teenoor hulle te getuig.

Leer om soos 'n vis te dink

Kolossense 4:5 sê: 'Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid.' Leer om soos ongelowiges te dink om hulle vir Christus te wen.

Dit maak nie saak hoe 'n mate ons boodskap lewens kan verander nie, dit sal geen nut hê as op 'n ander kanaal uitgesaai word as waarna die ongelowiges luister nie. Hoe leer jy om soos ongelowiges te dink? Praat met hulle!

Met watter vrae kan jy begin?

- Wat, dink jy, is die grootste behoefte in hierdie gebied?
- Woon jy enige kerk aktief by?
- Hoekom, dink jy, gaan die meeste mense nie kerk toe nie?
- Gestel jy soek 'n kerk om by te woon, waarna sal jy kyk?
- Wat kan ek vir jou doen? Watter raad kan jy aan 'n dominee of pastor gee wat regtig mense wil help?

Vier basiese klagtes:

- *'Kerke is vervelig, veral die preke. Die boodskappe is nie van toepassing op my lewe nie.'*

Hulle het die wonderlike vermoë om brood in klip te verander. Die probleem met vervelige predikers is dat hulle mense laat dink God is vervelig. Uit hierdie klagte het ek geleer om God se Woord op 'n praktiese, interessante manier oor te dra.

- *'Lidmate is onvriendelik teenoor besoekers.'*

Die sterkste emosie wat sulke mense gevoel het wanneer hulle 'n diens bywoon, was vrees.

- *'Die kerk stel meer belang in my geld as in my'*

Besluit om hierdie klagte te besweer deur te verduidelik dat slegs die kerkfamilie offergawes hoef te gee. Moenie van besoekers verwag om te gee nie.

- *'Ons is besorg oor die gehalte van die kerk se kindersorg.'*

Jesus het sy dissipels aangesê om evangelisasie strategies te bander. 'Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe.' (Matt.10:16).

Leer dus om soos 'n ongelowige te dink. Die mees opvallendste tydens die studie gedoen deur Rick Warren is dat die klagtes van die kerklose mense in hul gebied nie teologies van aard was nie. Nie een enkele persoon het gesê: 'Ek gaan nie kerk toe nie, omdat ek nie in God glo nie.'

Skryf 'n ope brief aan die gemeenskap. Posisioneer die kerk as 'n kerk vir kerklose mense. Die doel is nie om Christene van ander kerke weg te lok nie. Besluit wie jy wil beïndruk.

Vang vis in hul eie agterplaas

Is jy gewillig om op te offer en ongemak te verduur om mense vir Christus te wen?

Verstaan en pas by hul kultuur aan.

Jesus het aan sy dissipels gesê: 'As julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle, eet dan wat hulle vir julle voorsit.' (Lukas 10:8, klem bygevoeg). Toe Jesus dit gesê het, het Hy meer as net raad oor eetgewoontes gegee. Hy het gesê hulle moet sensitief vir die plaaslike kultuur wees. Hy het gesê hulle moet aanpas by die mense wat hulle wou bereik. Tensy dit 'n Bybelse beginsel oortree het, moes hulle by plaaslike gebruike en kultuur aanpas.

Ons laat te dikwels toe dat kultuurverskille tussen gelowiges en ongelowiges verhinder dat die boodskap uitgedra word. Vir sommige Christene klink enige sprake van 'aanpas by hul kultuur' soos teologiese liberalisme. Die evangelie word altyd kragtens die een of ander kultuur verkondig. Die enigste vraag is, watter een? Geen kerk kan kultureel neutral staan nie.

Die Christendom pas al 2000 jaar lank by een kultuur na die ander aan. As dit nie aangepas het nie, sou ons steeds 'n sekte binne die Jodedom gewees het. Ons ignoreer 2000 jaar se kerkgeskiedenis as ons daarop aandring dat ons eie kulturele uitdrukking van geloof beter of meer Bybels is as iemand anders s'n.

Kerke wat verwag dat kerklose mense sal opdaag net omdat hulle 'n gebou bou en 'n 'Ons is oop' –teken opsit, bluf hulleself. Mense spring nie vrywillig in die boot nie. Hul kultuur moet binnegedring word. Om enige kultuur binne te dring, moet jy klein toegewings ten opsigte van stylkwessies maak ten einde gehoor te word.

Laat jou teiken jou benadering bepaal

Om vis in jou eie agterplaas te vang, beteken dat jy jou teiken moet toelaat om jou benadering te bepaal. Gebruik jy dieselfde aas vir alle vise as jy gaan visvang? Natuurlik nie.

Gebruik jy dieselfde grootte hoek vir elke soort vis? Nee. Paulus het altyd toegelaat dat sy teiken sy benadering bepaal.

Hy beskryf sy strategie in 1 Korintiërs 9:19-22.

Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen. Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir die wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen. Vir die wat sonder die wet is, [het ek] geword soos een sonder die wet om hulle te wen. Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red.

Sommige kritici mag sê dat Paulus soos 'n verkleurmannetjie was, dat hy skynheilig was in sy bediening omdat hy verskillend by verskillende groepe opgetree het. Dis nie waar nie. Paulus het 'n strategie gevolg. Sy motivering was om alle mense gered te sien.

Die Boodskap 1 Korintiërs 9:22-23:

'As ek tussen mense is wie se geloof nie sterk is nie en wat nog met allerhande probleme sukkel, probeer ek my gedurig in hulle posisie indink sodat ek hulle kan help om beter Christene te word. Wat daar ook al van my gevra word om mense na die Here toe te lei, is ek bereid om te doen. Ek doen dit alles omdat die evangelie soveel vir my beteken. As die evangelie mense se lewe verander, doen dit net soveel aan my as aan hulle.'

Hy (Jesus) het nie net een spesifieke benadering gevolg wanneer Hy getuig het nie. Hy het eenvoudig begin met wat mense sou verstaan. Met die vrou by die put het hy oor lewende water gepraat, met vissermanne het hy oor visvangs gepraat en met boere het hy oor die saai van saad gepraat.

Begin met kerklose mense se grootste behoeftes.

Wanneer Jesus ook al iemand teëgekome het, het Hy met hulle seer, behoeftes en belange begin. Toe 'n melaatse na Hom toe gekome het, het Hy nie 'n lang diskoers gevoer oor die reiningswette in Levitikus nie. Hy het eenvoudig die man gesond gemaak!

Wanneer Hy die siekes, die duiwelbesetenes of die ontsteldes teëgekome het, het Hy hul seerkry hanteer. Hy het nie gesê: 'Ek's jammer, dit pas nie in by my preekrooster nie.' Baie kerke wil hê die visse wat hulle vang, moet al klaar skoongemaak en gaar wees. Dit is hoekom hulle nooit iemand bereik nie.

Verstaan en hanteer die vooroordele van kerklose mense

Sommige kerklose mense heg negatiewe konnotasies aan denominasie etikette. (...daarom die neutrale naam 'Saddleback gemeente.') Baie ongelowiges, veral die met Katolieke agtergrond, noem dat hulle dit nooit sal oorweeg om 'n Baptistiese gemeente te besoek nie. Die keuse van 'n neutral naam is 'n evangelisasie-strategie, nie 'n teologiese kompromis nie.

Verander metodes wanneer nodig

Enige visserman sal weet dat wanneer jy 'n dag lank visgevang het, weet jy dat jy soms die aas moet verander soos die dag vorder. Dit lyk soms of vis laatmiddag fiemies ontwikkel vir die aas waaraan hulle die oggend so gesmul het. **Die probleem met baie kerke vandag is dat hulle steeds aas en hoeke uit die 1950's in die 21ste eeu probeer gebruik – en die vis byt nie meer nie. Die grootste vyand van sukses vorentoe is dikwels die sukses van die verlede.**

Gebruik meer as een hoek

Weens tegnologiese vooruitgang word mense meer keuses as ooit tevore gebied. Waar mense voorheen uit twee of drie televisiekanale kon kies, is daar nou byna honderde beskikbaar.

Ons leef 'n in wêreld van veelvuldige keuses. Hierdie veranderinge het 'n generasie geskep wat verwag om keuses op alle terreine te hê. Wanneer dit by eredienste kom, bied die meeste kerke ongelukkig net twee opsies: Kom of bly! As jy nie 11:00 die oggend in die kerk is nie, is dit neusie verby. Die doel is nie om dit so moeilik as moontlik nie, maar so maklik as moontlik vir kerklose mense te maak om van Christus te hoor.

Groeiende kerke besef dit verg verskillende 'versadigingsevangelisasie' – om elke beskikbare metode te gebruik om elke beskikbare persoon op elke beskikbare tydstip te bereik.

Dit kos geld om jou gemeenskap te bereik

Eerstens, geld wat op evangelisasie bestee word, is nooit 'n uitgawe nie; dit is altyd 'n belegging.

Die tweede ding om te besef wanneer 'n mens oor kerkfinansies besin, **is dat mense vir 'n visie gee; nie vir 'n behoefte nie.** Kerke wat die meeste doen met wat hulle het, is die kerke wat meer skenkings kry. Dit is hoekom Jesus gesê het: 'Aan elkeen wat het, sal meer gegee word en van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.' (Lukas 19:26).

Hudson Taylor – groot sending-strateeg het gesê: ' God se werk op God se manier gedoen sal nie gebrek hê aan God se ondersteuning nie.' (Wow!)

Visvang is 'n ernstige saak

Dit is 'n ernstige saak om vissers van mense te wees. Vir Christene is dit nie 'n stokperdjie nie; dit moet ons leefwyse word!

Deel vier – Bring 'n skare byeen

Hoofstuk 12 – Hoe Jesus skares gelok het

Groot menigtes...het Hom gevolg. Matteus 4:25

Die groot menigtes het graag na Hom geluister. Markus 12:37

Toe Jesus die 5000 gevoed het, is net die mans getel (Matt. 14:21). Jesus se bediening het 'n magnetiese aantrekkingskrag gehad. 'n Christus-gelyke bediening lok steeds skares. Jy hoef nie truuks te gebruik of veskoning te vra vir jou oortuigings om skares te lok nie. Jy hoef nie jou boodskap af te water nie. Jy het selfs nie 'n kerkgebou nodig om 'n skare te lok nie! Maar jy moet die evangelie aan die mense oordra soos Jesus dit gedoen het.

Wat het groot skares na Jesus se bediening gelok? Jesus het drie dinge met skares gedoen: **Hy was lief vir hulle (Matt. 9:36); Hy het hul behoeftes bevredig (Matt. 15:30; Lukas 6:17-18; Joh. 6:2) en Hy het hulle op interessante en praktiese maniere geleer (Matt. 13:34; Mark 10:1, 12:37).**

Dieselfde drie dinge sal vandag steeds skares lok.

Jesus het skares gelok deur ongelowige mense lief te hê

Uit die evangelies blyk dit duidelik dat Jesus dit veel meer geniet het om by soekers te wees as by godsdiensteleiers. Hy het na hulle partytjies gegaan en is die 'vriend van tollenaars en sondaars' genoem. (Lukas 7:34). Mense kon aanvoel dat Jesus daarvan hou om by hulle te wees. Selfs die kinders wou by Hom wees, wat baie sê oor watter soort mens Hy was. Kinders word instinktief aangetrek deur liefdevolle mense wat hulle aanvaar soos hulle is.

Wees lief vir ongelowige mense soos wat Jesus was

Die mees miskende sleutel tot kerkgroei is om ongelowige mense so lief te hê soos wat Jesus hulle gehad het. As ons nie sy passie vir verlore nes deel nie, sal ons onwillig wees om die nodige opofferings te maak om ongelowiges te bereik.

Die gebod om lief te hê, is die gebod wat die meeste (minstens 55 keer) in die Nuwe Testament herhaal word. As ons nie lief is vir mense nie, help dit niks nie. 'Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde' (1 Joh. 4:8). Ons lidmate se liefde is gerig op nuwelinge, nie net op mekaar nie. *Baie kerke het mekaar lief. Hulle lok nie ongelowiges nie omdat hulle nie ongelowiges liefhet nie.*

Tipies sal mense reageer dat hulle gemeente vriendelik en liefdevol is, maar wat hulle eintlik bedoel is dat hulle lief vir **mekaar is**. Hulle is lief vir die mense met wie hulle gemaklik voel,

maar hierdie sterk gemeensaamheid word nie-outomaties omskep in liefde vir ongelowige mense en besoekers nie.

Sommige kerke voer aan dat hul gebrek aan 'n skare luisteraars 'n bewys is daarvan dat hulle Bybels, suiwer of Geesvervuld is. Hulle hou nie daarvan om met ongelowiges om te gaan nie en voel dat 'n skare vreemde mense in die kerk hul gemaklike roetine sal versteur.

Groot kerke word gebou op liefde – liefde vir God, vir mekaar en vir ongelowiges.

Saddleback gemeente het die besluit geneem om met byeenkomste buite te parkeer sodat besoekers hul parkeerplekke kan gebruik, om te staan tydens oorvol eredienste sodat besoekers op hul plekke kan sit.

Liefde trek mense aan soos 'n kragtige magnet. 'n Gebrek aan liefde skrik mense af.

Skep 'n atmosfeer van aanvaarding

Groeiende gemeentes toon liefde; liefdevolle gemeentes toon groei.

Lank voor die pastor preek, besluit besoekers al klaar of hulle weer gaan kom of nie. Hulle vra hulself af: 'Voel ek welkom hier?' Verkry besoekers se insette oor hul eerste ervaring binne die gemeente: Sê dankie vir hul besoek, wat het hulle die eerste keer opgemerk?, waarvan het hulle die meeste gehou en waarvan het hulle die minste gehou?

Die pastor moet liefdevol wees

'n Gemeente se pastor bepaal die gemeente se gees en atmosfeer. As 'n pastor die warmte van die kerk wil meet, moet hy die koorspen in sy eie mond steek.

God beskou prediking sonder liefde as blote lawaai (1 Kor. 13:1). "Vader, U het my lief en ek het U lief. Ek is lief vir hierdie mense en U het hierdie mense lief. Wees deur my lief vir hierdie mense. Hierdie is nie 'n gehoor om voor bang te wees nie, maar 'n familie om lief te hê."

Memoriseer name. Groet mense persoonlik voor en na dienste.

Meng met die mense en praat met hulle. Jy kry net een kans per week om met baie van die mense in die skare kontak te maak.

Raak aan mense

Ons wêreld is vol eensame mense wat smag na die bemoediging wat 'n liefdevolle aanraking bied. Deur mense op 'n Sondagoggend 'n drukkie te gee, kan mens dalk wonder hoe lank hulle op daardie drukkie moet teer.

Gebruik 'n warm, persoonlike styl as jy aan besoekers skryf.

As jy 'n brief aan besoekers skryf, skryf soos jy praat, nie in hoogdrawende, formele taal nie. Een van die belangrikste besluite wat 'n pastor moet neem, is of hy mense wil *beïndruk* of *beïnvloed*. Jy kan mense van ver af beïndruk, maar jy moet naby mense kom om hulle life te hê en hulle te beïnvloed. Jou gesindheid moet sê: 'As jy hierheen kom, sal ons jou liefhê. Maak nie saak wie jy is, hoe jy kyk, of wat jy gedoen het nie, hier gaan jy liefde kry.'

Aanvaarding sonder goedkeuring

As Christene word ons almal geroep om ongelowiges te aanvaar en lief te hê sonder om hul sondige leefwyse goed te keur. Jesus het dit gedoen toe Hy die Samaritaanse vrou by die put met aanvaarding en liefde hanteer het sonder om haar sedelose leefwyse goed te keur.

Enige hengelaar weet dat as jy 'n vis inkatrol, veral een wat kwaai spook, jy soms 'n bietjie moet skiet gee. Ons kan nie verwag dat ongelowiges soos gelowiges moet optree voordat hulle gelowiges is nie. In Romeine staan dat dit onmoontlik is vir ongelowiges om soos gelowiges op te tree, omdat hulle nie die krag van die Heilige Gees in hulle het nie.

Tref onderskeid tussen die skare (onverskillige besoekers) en die gemeente (toegewyde lidmate). *Die gemeente, nie die skare nie, is die kerk.*

Ongelowiges in die skare is nie aan tug onderworpe nie, omdat hulle nie werklik deel van die kerkfamilie is nie. Paulus het hierdie onderskeid duidelik gemaak in 1 Korintiërs 5:9-12 (klem bygevoeg):

In die vorige brief het ek aan julle geskryf om nie met mense om te gaan wat in onsedelikheid leef nie. *Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of die geldgieriges, bedrieërs of afgodsdienaars van hierdie wêreld bedoel nie, want om hulle te vermy sou julle uit die wêreld moes padgee. Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem nie, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens praat nie. Per slot van rekening is dit nie vir my o moor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel, maar julle moet oor julle eie mense oordeel.*

Heiligmaking volg na verlossing. Daar is geen metode, plan of tegnologie wat kan vergoed vir liefdeloosheid teenoor ongelowiges nie.

Sodra jy voel dat jou passie vir ongeredde mense koel af, herinner jouself aan die kruis. Dit is hoe lief God verlore mense het. Dit was liefde, nie spykers nie, wat Jesus aan die kruis laat hang het. Hy het sy arms uitgestrek en gesê: 'Sò lief het Ek verlore mense!' As Christene so lief is vir mense, sal hul kerke skares lok.

Jesus het skares gelok deur mense se behoeftes te bevredig.

Trek mense se aandag.

Die kerk was gewoonlik die grootste gebou op die dorp, die pastor was dikwels die bes opgeleide en mees prominente persoon in die dorp en die gemeenteprogram was die sosiale kalender van die gemeenskap. Dit werk nie meer so nie. Pastors word dikwels op televisie uitgebeeld as swendelaars, bleeksiele. Die gemeenteprogramme moet met talle ander 'produkte' meeding in ons vermaakgerigte kultuur. Die enigste manier hoe 'n kerk deesdae kerklose mense se aandag kan trek, is om iets te bied wat hulle nêrens anders kan kry nie.

Dit is wat 'bediening' eintlik beteken: om mense se behoeftes in Jesus se Naam te bevredig. (Saddleback... 'ons droom om 'n plek te wees waar mense met pyn, die hulpeloses, die moedeloses, die terneergedruktes, die gefrustreerdes en die verwardes liefde, aanvaarding, leiding en bemoediging kan kry.')

Maak voorsiening vir geestelike, fisieke, emosionele, intellektuele en maatskaplike behoeftes.

Jakobus spreek hom sterk uit teen Christene wat dink die oplossing vir elke behoefte is 'n preek of 'n Bybelvers. Die bevrediging van mense se behoeftes, ongeag wat dit is, beteken jy is ' 'n dader van die Woord.'

As jou kerk regtig behoeftes bevredig, sal jou bywoning die kleinste van jou kopsere wees – jy sal die deure moet sluit om mense uit te hou.

Is daar algemeen-geldende behoeftes onder kerklose mense? Mense het dieselfde emosionele en verhoudingsprobleme. Dit sluit in die behoefte aan liefde, aanvaarding, vergifnis, sin, selfverwesenliking en 'n doelgerigte lewe. Mense wil ook vry wees van vrees, skuld, kommer, haat, moedeloosheid en eensaamheid. Veranderde lewens is 'n kerk se beste advertensie.

Jesus het skaars gelok deur mense op 'n praktiese, interessante manier te leer

Jesus Christus is loshande die beste kommunikeerder wat daar nog ooit was. Jesus en niemand anders nie, moet ons model vir prediking wees.

Jesus het begin by mense se behoeftes, pyn en belangstellings. Hy het gekrap waar mense gejeuk het. Sy preke was indringend. Hy was altyd relevant en in die kol. Jesus het Goeie Nuus gehad om te deel; daarom wou mense dit hoor. Sy boodskap het praktiese voordele gebied vir die wat na Hom geluister het.

Die Bybel hoef nie relevant gemaak te word nie – dit is klaar so! Maar soos Jesus gedoen het, moet ons wys dat die Bybel relevant is deur die boodskap persoonlik op mense se lewe toe te pas.

Die Goeie Nuus bied aan verlore mense dit waarna hulle naartig soek: vergifnis, Vryheid, sekuriteit, lewensin en 'n lewensdoel, liefde, aanvaarding en krag. Dit skik die verlede, verseker ons toekoms en gee sin aan vandag. Dit is die beste nuus in die wêreld.

Skares stroom altyd om goeie nuus te hoor. Daar is genoeg slegte nuus in die wêreld, daarom is *nog* slegte nuus die laaste ding wat mense wil hoor as hulle kerk toe kom. Hulle soek enigiemand wat hulle hoop, hulp en bemoediging kan bied. Om by mense se behoeftes te begin wanneer jy preek of lering gee, is die beste manier om dadelik jou gehoor se aandag te trek.

'n Goeie verkoopsman weet jy begin altyd by die klant se behoeftes, nie met die produk nie. Begin waar mense op 'n gegewe oomblik is en lei hulle aan waarheen jy hulle wil neem.

Aan die basis van die breinstam is 'n filter, die retikulêre aktiveringstelsel wat alles wat jy sien, hoor en ruik, filtreer en sorteer sodat jy nie reageer op alles waarmee jy daagliks gebombardeer word nie.

Wat trek wel mense se aandag?

Drie dinge kom altyd verby die retikulêre aktiveringstelsel – dinge waaraan jy waarde heg, dinge wat uniek is en dinge wat jou bedreig.

Jesus het geteisterde mense op hul gemak gestel en mense watter gemaklik was, geteister.

In Efesiërs 4:29 staan: '...praat net wat goed net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.'

Die skare bepaal nie of jy die waarheid gaan verkondig of nie. Die waarheid is nooit opsioneel nie, maar jou gehoor bepaal wel oor watter waarhede jy kies om te praat.

Jesus het waarheid in verband gebring met die lewe.

Jesus se lering was prakties. Hy het gefokus op toepassing, want sy doelwit was om mense te *verander*, nie net om inligting te verskaf nie. Dink aan die Bergrede (Matt. 5-7), die beste preek wat nog ooit gelewer is.

Jesus het die Bergrede begin deur agt geheime vir ware geluk te eel. Toe het Hy gepraat oor 'n voorbeeldige lewe, die hantering van woede, die herstel van verhoudings, owerspel en egskeiding. Daarna het Hy gesê hoe belangrik dit is om jou beloftes te hou en die kwaad te beveg met die goeie. Daarna het Hy ander praktiese lewenskwesties aangeraak, soos hoe om met di regte houding te gee, hoe om te bid, hoe om skatte in die hemel bymekaar te maak en hoe om kommer te oorwin. Hy het sy boodskap afgesluit deur te sê 'n mens moenie ander veroordeel nie, jy moet volhard wanneer jy God vra om in jou behoeftes te voorsien en jy moet versigtig wees vir vals profete.

'Die Bybel is nie aan ons gegee om ons kennis uit te brei nie, maar om ons lewe te verander.' Ons doelwit is 'n karakter soos Christus s'n. Jesus het gesê: 'Ek het gekom sodat u hulle die lewe kan hê.' (Joh. 10:10) Hy het nie gesê: 'Ek het gekom sodat jy *godsdien*s kan hê' nie.

Christen-wees is 'n lewenswyse, nie 'n godsdienis nie. Jesus was 'n lewens-toepassingsprediker. Wanneer Hy klaar die menigte onderrig het, het Hy altyd gesê hulle moes 'uitgaan en dieselfde doen.'

Kerklose mense vra nie dat ons die Bybel se boodskap moet verander of selfs moet afwater nie. Hulle vra bloot dat ons hulle moet wys hoe dit van toepassing is. (SS –is ons nie juis bang dat hulle van ons gaan verwag om die boodskap te verander nie, daarom ons 'antagonisme' om kontak te maak?)

Jy hoef nie die boodskap van die Bybel te *verander* nie, maar jy moet dit *vertaal* in terme wat kerklose mense sal verstaan.

Jesus het die mense se aandag geboei

Die skare het daarvan gehou om na Jesus te luister. (Markus 12:37). Sommige pastors dink hulle het gefaal in hul prediking as mense 'n boodskap geniet. Hulle sal byvoorbeeld sê dat hulle nie hier is om te vermaak nie. Hulle het in hul doel geslaag aangesien 'n Gallup-opname 'n paar jaar gelede getoon het dat die kerk volgens kerklose mense die verveligste plek op aarde is. Vir kerklose mense is vervelige preke onvergeeflik.

Party predikers kry dit reg om die opwindenste boek in die wêreld te vat en mense tot die dood toe daarmee verveel. Ek glo dit is 'n *sonde* om mense met die Bybel te verveel. Wanneer God se Woord op 'n vervelige manier voorgehou word, dink mense nie net die pastor is vervelig nie, hulle dink God is vervelig! Ons beswadder God se karakter as ons met 'n oninspirerende styl of stemtoon preek.

Die boodskap is heeltemal te belangrik om oor te dra met 'n houding van 'wat dit of los dit.' Jesus het die belangstelling van groot skares vasgevang met tegnieke wat ek en jy ook kan gebruik. **Hy het stories vertel om 'n punt te illustreer.** 'Al hierdie dinge het Jesus vir die mense in gelykenisse geleer en sonder 'n gelykenis het Hy hulle niks geleer nie.' (Matt. 13:34).

Om die een of ander rede vergeet predikers dat die Bybel in wese 'n versameling stories is.

Stories boei ons aandag.

Stories prikkel ons emosies.

Stories help ons om te onthou.

Jesus het eenvoudige taal gebruik. Jesus het nie die klassieke Griekse taal van die geleerdes gebruik nie. Hy het Aramees gepraat, die omgangstaal van daardie tyd. Hy het oor goedgepraat wat almal geken het – voëls, blomme, verlore geldstukke en alledaagse dinge.

Hoewel Jesus diepsinnige waarhede op eenvoudige maniere verduidelik het, doen baie predikers presies die teenoorgestelde.

Hou dit eenvoudig.

Dit is maklik om die evangelie ingewikkeld te maak en Satan sal baie bly wees as ons dit doen. Albert Einstein het eenkeer gesê: 'Jy verstaan nie werklik iets tensy jy dit op 'n eenvoudige manier kan oordra nie.'

'Gaan vertel' of 'Kom kyk'.

In Matteus 11:28 sê Jesus aan soekers: 'Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee.'

In Lukas 14, waar Jesus die koninkryk van God met 'n groot maaltyd vergelyk, word die Meester se bediendes gestuur om *uit te gaan* en die wat honger is te nooi om *in te kom* en tee et 'sodat my huis vol kan wees'. Dit is nie nodig dat ons tussen 'gaan' en 'kom' kies nie; albei is geldige vorms van evangelisasie.

Reaksie op kultuur: nabootsing, afsondering of infiltrering?

Daar bestaan twee uiterstes binne die kerk t.o.v. evangelisasie en dit is hoe die kerk moet reageer op kultuur. Die een is nabootsing en die ander afsondering.

Diegene in die **'nabootsing'-kamp** redeneer dat die kerk net soos ons kultuur moet word om dit te bedien. Hulle sal waarskynlik eietydse kulturele waardes ondersteun, soos die verheerliking van sukses en rykdom, uiterste individualisme, radikale feminisme, liberale seksuele standaarde en selfs homoseksualiteit. In hul poging om relevant te wees, hensop hierdie kerke heeltemal as dit kom by Bybelse teologie, leerstellige verskille en die suiwer evangelie van Christus. Die oproep tot belydenis en verbintenis word afgewater in die belang van getalle. Sinkretisme (godsdienstvermening) verwoes hierdie soort kerk.

Die **afsondering kamp** verteenwoordig die ander uiterste. Hierdie groep dring daarop aan dat ons *alle* aanpassing by kultuur moet vermy om die kerk se suiwerheid te bewaar.

Jesus se 'n *sondaar-sensitiewe* bediening het die godsdienstige gemeenskap senuweeagtig gemaak. 'Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.'

(Mark 2:17). In die tyd van Jesus het die Fariseërs die verskoning van 'suiwerheid' gebruik om kontak met ongelowiges te vermy. Ons het vandag As u dit doelbewus wil beklemtoon druk ctrl+z om u teks terug te kry of druk 1 vir nog en 2 vir steeds op die toetsbord en druk die spasiebalk Fariseërs in die kerk wat meer bekommerd is oor suiwerheid as oor siele.

Evangelisasie is soms morsig. Selfs nadat mense gelowig word, openbaar hulle steeds onvolwassenheid en vleeslikheid, so jy sal nooit 'n volkome 'suiwer' kerk hê nie.

(Is daar geharde sondeurs onder die skare van 10 000 by Saddleback? Ongetwyfeld! Wanneer jy met 'n groot net hengel vang jy allerhande soorte vis. Jesus het in een gelykenis gesê; 'As julle die *onkruid* nou bymekaarmaak, sal julle die koring saam uittrek. Laat al twee saamgroei tot met die oestyd.' (Matt. 13:29-30). Ons moet die skoffelwerk vir Jesus los; Hy weet wie die ware onkruid is.)

Toe die Fariseërs gevra het: 'Hoekom verontagsaam u dissipels die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte?' het Jesus geantwoord: 'Waarom verontagsaam julle self die gebod van God ter wille van julle oorgelewerde gebruike? (Matt. 15:2-3).

Die verwesenliking van God se doelwit – die redding van mense – moet altyd voorrang geniet bo die behoud van tradisie. Kritiek van ander Christene moet jou nooit weerhou van 'n bediening soos Christus s'n nie. Jesus moet die hoogste voorbeeld vir ons bedieningswyse wees, niemand anders nie.

Hoofstuk 13

Aanbidding kan 'n getuienis wees.

God is Gees en die wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.

Johannes 4:24

Twaalf dinge wat RW glo oor aanbidding.

1. Net gelowiges kan God waarlik aanbid.

Ons verheerlik God se Naam in aanbidding deur ons liefde en toewyding aan Hom te betuig. (SB definisie van aanbidding: 'Aanbidding is die uitdrukking van ons liefde vir God vir wie Hy is, wat Hy gesê het en wat Hy doen dit.')

Ons glo daar is talle gepaste maniere om ons liefde vir God te betoon. God, nie die mens nie, is die fokus en middelpunt van ons aanbidding.

2. 'n Mens het nie 'n gebou nodig om God te aanbid nie.

Handelinge 17:24 sê: 'God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hy is die Here van hemel en aarde en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie.'

Geen gebou (of gebrek daaraan) mag mense ooit beperk of verhoed om God te verheerlik nie. Jesus het gesê: 'Want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.' (Matt. 18:20).

3. Daar is geen korrekte 'styl' van aanbidding nie.

Jesus het net twee vereistes gestel vir ware aanbidding: 'God is Gees en die wat Hom aanbid, moet hom deur die Gees en in waarheid aanbid.' (Joh. 4:24).

Die styl van aanbidding waarmee jy gemaklik voel, sê meer oor jou kulturele agtergrond as oor jou teologie. Debatte oor die styl van aanbidding is amper altyd sosiologiese en persoonlikheidsdebatte, ingeklee in teologiese terme. Daar is nie 'n Bybelse aanbiddingstyl nie. Ware aanbidding betrek die linker- en regterkant van jou brein. Jou emosies en jou enteliek word dus daarvoor ingespan; jou hart en jou verstand. Ons moet aanbid deur die Gees en in waarheid.

4. Ongelowiges kan toekyk hoe gelowiges aanbid.

Ongelowiges kan waarneem watter geluk ons ervaar.

5. Aanbidding is 'n kragtige getuienis aan ongelowiges as God se teenwoordigheid sterk ervaar word en die boodskap verstaanbaar is.

Volgens Handelinge 2:6 het ' 'n groot skare saamgedrom'. Ons weet dat dit 'n groot skare moes gewees het, want 3000 mense het daardie dag tot bekering gekom. Hoe is daardie 3000 mense gered? Hulle het God se teenwoordigheid aangevoel en die boodskap verstaan. Meer mense kom tot bekering deur God se teenwoordigheid te ervaar as deur al ons weldeurdagte argument. Min mense, indien enige, word bekeer met suiwer intellektuele argumente. Dit is die aanvoeling van God se teenwoordigheid wat harte ontvanklik maak en intellektuele weerstand afbreek.

Daar is 'n noue band tussen aanbidding en evangelisasie. Die doel van ons evangelisasiewerk is om aanbidders van God te werf.

Terselfdertyd is dit aanbidding wat die *motivering* vir evangelisaie verskaf. Die resultaat van Jesaja se kragtige aanbiddingservaring (Jes. 6:1-8) was sy woorde: 'Hier is ek! Stuur my!' Ware aanbidding laat ons getuig.

6. God verwag van ons om sensitief te wees vir die vrese, vooroordele en behoeftes van ongelowige mense wat ons eredienste bywoon.

Dit is die beginsel waarvan Paulus in 1 Korintiërs 14 praat. Paulus het nie gesê dat ongewone tale of klanke onsinnig *is* nie, net dat dit vir ongelowige mense onsinnig *voorkom*. 'As die hele gemeente dan bymekaar is en almal gebruik ongewone tale of klanke en daar kom buitelanders of ongelowiges binne, sal hulle nie sê julle is van julle verstand af nie?' (1 Kor. 14:23).

Ons moet bereid wees om ons aanbiddingstyl aan te pas wanneer daar ongelowige mense by is. Om soeker-sensitief te wees in ons aanbiddings is 'n Bybelse opdrag.

Paulus was erg besorg daarvoor om nie struikelblokke in die pad van ongelowiges te plaas nie. Hy het aan die gemeente in Korinte gesê: 'Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode, of Grieke of aan die gemeente van God nie' (1 Kor. 10:32).

Hy het ook aan die gemeente in Kolosse raad gegee: '*Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid*' (Kol 4:5 – klem bygevoeg).

Tree jou gesin anders op wanneer julle gaste vir ete nooi as wanneer julle alleen is? Natuurlik! Julle gee aandag aan jul gaste se behoeftes en maak seker dat hulle eerste bedien word. Die geselskap aan tafel is gewoonlik meer beleefd. Is dit skynheilig? Nee. Hierdie gedrag wys julle is sensitief teenoor jul gaste en julle het respek vir hulle.

7. 'n Erediens hoef nie oppervlakkig te wees om soeker-sensitief te wees nie. Die boodskap hoef nie afgewater te word nie, dit moet net verstaanbaar wees.

Om 'n diens 'gemaklik' te maak vir kerklose mense, beteken nie jy moet jou teologie verander nie, dalk net die atmosfeer.

Dit kan gedoen word deur die manier waarop jy besoekers groet, die musiek wat julle speel, die Bybelvertaling waaruit jy preek en die soort aankondigings wat jy maak.

Ons moet egter steeds 'die heilsplan van God in sy volle omvang' verkondig (Hand 20:27). Om soeker-sensitief te wees, beperk glad nie wat jy sê nie, maar beïnvloed wel *hoe* jy dit sê.

Wat hulle *wel* wil hoor, is hoe die Bybel van teoassing is op hulle ewe, in etme wat hulle kan verstaan en in 'n trant wat wys jy respekteer hulle en gee om vir hulle. Hulle soek oplossings, nie 'n skrobbering nie.

Ongelowige mense worstel met dieselfde moeilike vrae as gelowiges: Wie is ek? Waar kom ek vandaan? Waarheen is ek op pad? Is daar sin in die lewe? Hoe kan ek leer om met ander mense oor die weg te kom? Hoekom is daar lyding en boosheid in die wêreld? Wat is my doel in die lewe? Hierdie is nie maklike kwessies nie.

8. Die behoeftes van gelowiges en ongelowiges oorvleuel dikwels. In sommige opsigte verskil dit baie, maar in ander opsigte is dit baie dieselfde.

Albei moet weet hoekom materialisme so vernietigend is.

9. Die beste aksieplan/plan van optrede is om jou dienste aan te pas volgens hul doelwit.

Die meeste gemeentes probeer om in dieselfde diens die evangelie aan verlore mense te verkondig en om gelowiges geestelik te verryk. Wanneer jy gemengde seine uitstuur, gaan jy gemengde resultate kry. As jy met een geweer na twee teikens mik, gaan jy baie gefrustreerd word.

Selfs in vandag se kultuur dink mense steeds aan Sondagoggende as 'kerk-toe-gaan-tyd'. Verdeel dit bv. Sondagoggend vir evangelisasie en Woensdagaand vir geestelike verryking.

Selfs *gelowige mense* is nie lus om op Sondagaande kerk toe te gaan nie! Hulle stem reeds dekades lank *met hulle voete* oor hierdie kwessie.

10. 'n Diens vir soekers moet persoonlike evangelisasie aanvul, nie vervang nie.

Soeker-dienste is eintlik 'n groepgetuieis om die persoonlike getuieis van lidamte te versterk en te bevestig. Daar is ongelooflike oortuigingskrag in die getuieis van 'n groep gelowiges wat saam aanbid.

11. Daar is nie 'n standaardmanier om 'n soeker-diens te ontwerp nie.

Dit verg allerhande soorte dienste om allerhande soorte soekers te bereik.

Daar is slegs drie elemente in 'n soeker-diens wat nie onderhandelbaar is nie:

1. Behandel ongelowiges met liefde en respek.
2. Trek die diens deur na hul behoeftes en
3. Dra die boodskap op 'n praktiese, verstaanbare manier oor.

Die ding wat kerklose mense *wel* na 'n gemeente toe aantrek, is veranderde lewens – baie veranderde lewens. Mense wil gaan na waar lewens verander en pyn verlig word en waar hulle nuwe hoop kry.

12. Dit verg onselfsugtige, volwasse gelowiges om 'n soeker-sensitiewe diens aan te bied.

In 1 Korintiërs 14:19-20 sê Paulus dat, wanneer ons tydens aanbiddingsdienste net aan ons eie behoeftes dink, ons kinderlik en onvolwasse is.

In elke kerk is daar voortdurend spanning tussen bediening aan ander en bediening aan jou eie lidmate. Die meeste kerke laat uiteindelik die skaal swaai in die lidmate se guns, want die lidmate betaal uiteindelik die rekening. As jy 'n soeker-diens wil aanbied, moet jy bereid wees om bewustelik die skaal in die teenoorgestelde rigting – na die ongelowiges – te laat swaai. Dit vra van jou lidmate om 'n veilige omgewing vir ongelowiges te skep ten koste van hul eie voorkeure, tradisies en gemak. Dit vereis geweldige geestelike volwassenheid van enige iemand om vrywillig uit sy gemaksone te beweeg.

Jesus het gesê: 'Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien' (Matt. 20:28). Voordat hierdie houding van onselfsugtige diensbaarheid nie deel is van lidmate se hart en gedagtes nie, is die gemeente nie reg om 'n soeker-sensitiewe diens aan te bied nie.

Hoofstuk 14 – Ontwerp 'n soeker-sensitiewe diens

As die hele gemeente dan bymekaar is en almal gebruik ongewone tale of klanke en daar kom buitelanders of ongelowiges binne, sal hulle nie sê julle is van julle verstand af nie? 1 Korintiërs 14:23 (RM – ou PS. Sing?)

RM: Calvyn het gesê net die Heilige Gees het meer krag as die regte musiek.

Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid. Kolossense 4:5

RW: As kind het ek nie geweet watter kere dit 'veilig' sou wees om ongelowiges na die dienste te nooi nie. Uiteindelik het ek ophou om ongelowige vriende kerk toe te nooi. Dit was nie 'n bewustelike besluit nie – ek was net moeg om 'my vingers te verbrand'.

Die meeste gemeentes lok selde ongelowige mense na hul dienste, want lidmate is ongemaklik om hulle vriende kerk toe te nooi.

Hoekom is dit so? Eerstens, is die boodskappe se teikengroep onvoorspelbaar. Lidmate weet nie wanneer die pastor oor bekering gaan preek en waneer hy lering gaan gee nie. In die tweede plek is die dienste nie gemaak vir ongelowige mense nie. Lidmate se kerklose vriende sal die helfte van die diens nie verstaan nie. Derdens, die gehalte van die diens kan lidmate dalk in die verleentheid stel.

Om die gemeente te laat groei, vereis nie 'n ruimtewetenskaplike se intelligensie nie. Jy moet bloot meer mense kry om dit te besoek!

Wat is die natuurlikste manier om die aantal besoekers aan jou kerk te laat toeneem? Skep 'n diens wat spesiaal gemik is op ongelowige mense sodat lidmate hul vriende daarheen kan bring. Maak die diens so interessant en relevant vir kerklose mense, dat jou lidmate dit graag sal wil deel met ongeredde mense vir wie hulle omgee.

Beplan die diens met jou teikenmark ingedagte

Herinner jouself weekliks daaraan van wie jy wil bereik.

Maak bywoning so maklik as moontlik

Hou dienste op verskillende tye.

Hou Sondagskool terwyl die diens aan die gang is.

Verbeter die tempo en vloei van die diens.

Feitlik alle gemeentes moet die tempo van hul dienste versnel. Televisie het mense se aandagspan permanent verkort. Soek maniere om tyd te bespaar in die diens. Kerklose mense kan nie lang gebede verdra nie. Moenie die pastorale gebed gebruik vir goed wat in persoonlike stiltetyd hoort nie!

Behalwe om die erediens korter te maak, moet daar ook probeer word om die vloei van die diens te verbeter. Vloei is die verskil tussen 'n gemiddelde kerkdiens en 'n besondere een.

Inspireer beweging. (SB: Dit is wat ons met ons intreelied probeer doen. Ons wil gespanne besoekers se stywe spiere bietjie laat ontspan.) As jou liggaam ontspanne is, is jy meer ontvanklik. Om die diens af te skop, maak ons die liggaam van Christus wakker deur ons eie liggame wakker te maak.

Wanneer mense by 'n oggenddiens opdaag, voel hulle gewoonlik styf, slaperig en in hulself gekeer. Na 'n inspirerende intreelied is die atmosfeer altyd vroliker en meer op-en-wakker.

Lofprysing: Ons gaan dan voort met vreugdevolle liedere *oor* God.

Aanbidding: Verskuif dan na meer oordenkende, intieme sang wat gerig is *aan* God. Die tempo is dan aansienlik rustiger.

Toewyding: Hierdie lied gee mense 'n geleentheid om hul toewyding aan God te verklaar of te herbevestig. Dit is gewoonlik 'n lied waarvan die lirieke in die eerstepersoon enkelvoud geskryf is, soos *I want to Be More like like You*.

Samevatting: Die laaste ding wat gedoen kan word, is om die diens te beëindig met nog 'n kort, ritmiese lied.

Laat besoekers tuis voel.

Besoekers het reeds binne 10 minute na hulle aankoms 'n menig oor die gemeente gevorm. Soos in hoofstuk 12 genoem is, besluit besoekers of hulle gaan terugkom lank voordat die prediker sy mond oopmaak. Daar bestaan nooit 'n tweede kans om 'n eerste indruk te maak nie. Wanneer jy met besoekers te doen het, is dit belangrik om te verstaan dat hul

eerste emosionele reaksie vrees is. 'Wat gaan hier met my gebeur?' 'Gaan hulle die deure sluit?' 'Sal ek iets moet sê?' Sal daar goed gebeur wat my in die verleentheid kan stel?'

Omdat besoekers bang is en nie weet wat om te verwag nie, moet jou eerste prioriteit wees om hulle te laat ontspan. As jy besoekers se vrees kan verminder, sal hulle baie meer ontvanklik wees vir die evangelie.

Sorg dat daar lidmate is wat die besoekers met 'n glimlag groet en die rigting beduie. Plaas mense wat besoekers verwelkom buite die gebou.

In jou gemeente is die ampsdraers wat besoekers verwelkom, die belangrikste mense, want hulle maak kontak in daardie kritieke eerste 10 minute. Maak seker jy gebruik mense wat hartlikheid uitstraal en maklik glimlag.

Dit is ook belangrik dat die mense wat die verwelkoming doen en plekke aanwys, by jou teikengroep pas. As jy jong paartjies wil bereik, gebruik jong paartjies; as jy tieners wil bereik, gebruik tieners; as jy pensioenarisse wil bereik, gebruik pensioenarisse. Mense wat besoekers groet (ontvang), moet bloot hulself wees – vriendelike lidmate.

Plaas oral rigtingwysers. Die kinderkamer en veral die kleedkamers moet duidelik aangetoon word.

Speel agtergrondmusiek terwyl mense binnekom. Musiek laat mense ontspan.

As 'n besoeker bv. by 'n vertrek instep waar mense met mekaar gesels, sal hy glad nie selfbewus voel nie. Daar is 'n plek vir stilte in 'n aanbiddingsdiens, maar dit is nie aan die begin van 'n soeker-diens nie. Voor die diens begin, moet die atmosfeer lewendig, vrolik, vreugdevol en aansteeklik wees.

Wanneer besoekers 'n gebou binnestap waar mense normaal met mekaar praat en ritmiese musiek speel, verminder dit hul vrees. Hulle sien mense geniet dit en is bly om daar te wees. Hulle sien dat daar lewe is in die kerk. Besoekers haat dit om in die openbaar uitgesonder te word.

Een van die redes hoekom groot gemeentes soveel besoekers lok, is omdat besoekers daar kan wegkruip in die skare. Mense se algemeenste sosiale vrees is om partytjies by te woon waar hulle deur vreemdelinge omring gaan wees. Die tweede algemeenste vrees is om voor 'n skare te praat en die derde is om 'n persoonlike vraag in die openbaar te antwoord.

RW: Hoewel ek na nuweling as 'besoekers' verwys, noem ons hulle nie by SB so nie. Ons noem hulle gaste. Die term 'gas' dui daarop dat jy uit jou pad sal gaan om hierdie persoon gemaklik te laat voel.

(SB: Welkom kaartjies as kommunikasie-middel. Dit word gebruik om opnames te maak, dienste te evalueer, lidmate se inligting by te werk, idees vir preke te kry en nuwe bedienings te begin.)

Mense sal gewoonlik makliker dinge vir jou op skrif sê, dinge wat hul andersins nooit sal deel nie.

RW: rig dankie-sê briewe aan besoekers wat aandui dat hulle 'n tweede of derde keer die gemeente besoek het.

Verwelkom mense op 'n manier wat hulle laat ontspan. Die eerste spreker se openingswoorde bepaal die atmosfeer van die diens.

Verduidelik bv. dat die offergawe opsioneel vir besoekers is. 'As jy 'n besoeker is, verwag ons nie dat jy moet bydra tydens die dankoffer nie'. Begin en eindig elke diens met mense wat mekaar groet. Ons word vyf keer in die Nuwe Testament aangesê om mekaar te groet.

Bied verversings aan by elke diens. Besoekers bly langer na 'n diens as jy hulle 'n koppie koffie of 'n koeksister in die hand stop. Om te eet laat mense ontspan in sosiale situasies. (Dankie, Gerdi vir die koekies!)

Tog snaaks hoe die sielkunde werk, maar 'n man van 120 kg voel meer op sy gemak in 'n onbekende skare as hy agter 'n papierglasie vol koffie kan wegkruip.

Verfraai die omgewing

Die voorkoms van die gebou is bepalend vir die diens. Net soos die toestand van 'n vertrek 'n persoon se bui onmiddellik kan verander, kan die temperatuur en beligting dit ook doen. Wees bewus van hierdie faktore en gebruik dit. Bepaal watter atmosfeer die diens moet uitstraal en skeep dit dan.

Is die tuin mooi uitgelê en die grasperke en heinings goed versorg? Soms staan die boodskap wat die fasiliteite uitdra in skrilte kontras met die boodskap wat die gemeente probeer oordra. Die gemeente wil dalk sê: 'Ons is vriendelik!' maar die geboue sê: 'Ons is koud en onpersoonlik. Gemeentelede raak blind vir die verf wat afdop, die uitgerafelde tapyt, die merke op die preekstoel, die gloeilampe wat geblaas het.

Omgewingsfaktore waaraan spesifiek aandag gegee moet word, sluit in: beligting, klank, sitplekke, ruimte, temperatuur, plante, kinderkamers en kleedkamers.

Beligting. Beligting het 'n daadwerklike invloed op mense se gemoedstoestand.

RW: Ek glo dat kerke helder en vol lig moet wees. In 1 Johannes 1:5 word gesê: 'God is lig en daar is geen duisternis in Hom nie.' Lig was die eerste ding wat God geskep het (Gen. 1:3).

Sitplekke. Die verstand kan net inneem wat die sitvlak kan verduur. Dit is hoekom losies so gewild is by stadions. Daar moet ten minste 45 cm tussen mense wees wanneer stoele gebruik word en sowat 53 cm as banke gebruik word.

Spasie. As jou erediens 80 persent vol lis, moet jy nog 'n diens begin. Hoe kleiner die gehoor, hoe nader moet die spreker aan hulle staan. As daar net 50 mense by 'n diens is, plaas die kateder 'n meter of wat voor die voorste ry. Vergeet van die verhoog.

Plante. Plante sê: 'Ten minste is *iets* lewendig in hierdie plek'.

Skoon kleedkamers. Baie kan oor die welstand van 'n kerk aflei deur na die gehalte van die kleedkamers te kyk.

Die doelwit van alles wat ons doen om ons omgewing op te vrolik, is dieselfde as wat Paulus in Titus 2:10 gesê het (klem bygevoeg): 'Sodat hulle in alles wat hulle doen, die *aansien* van die leer van God ons Verlosser *verhoog*.'

Skep 'n aangename atmosfeer

Afwagting. Daar moet 'n aansteeklike entoesiasme heers aan die begin van elke diens wat sê: 'Iets goed gaan hier gebeur!'. Mense vol opgewonde, vol energie en afwagting oor hul saamwees en oor wat hulle gaan ervaar.

Wat veroorsaak hierdie gees van afwagting?

Lidmate wat gedurende die week vir dienste bid, lidmate wat tydens die dienste bid, geesdriftige lidmate wat hul ongeredde vriende kerk toe bring, 'n baanrekord van dienste wat lewens verander, bloot die grootte van die skare, die vrolike musiek en die geloof van die span wat die diens lei.

Verwagting is net 'n ander woord vir geloof. Jesus het gesê: 'Wat julle glo, sal gebeur'. (Matt. 9:29).

Viering. Psalm 100:2 sê: 'Dien die Here met blydschap! Kom voor Hom met gejubel!' Omdat God wil hê ons aanbidding moet soos 'n feesviering wees, skep ons 'n atmosfeer van blydschap en vreugde.

Bemoediging. Hebreërs 10:25 sê: 'Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom''.

Inklusiwiteit. Dit is belangrik om ten spyte van die grootte van 'n gemeente, steeds 'n familie-atmosfeer in die dienste te skep. (SB: Ons boodskap sê: 'Ons is 'n familie, Ons is een en jy hoort hier'.)

1 Petrus 3:8 sê dit treffend: 'Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig.' In 'n wêreld wat toenemend onpersoonlik word, soek mense al hoe meer na 'n plek waar hulle voel dat hulle tuishoort.

Vernuwing. Jesus het gesê: 'Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart en julle sal rus kry vir julle gemoed.' (Matt. 11:28-29).

Een van die doelwitte van weeklikse aanbidding is om geestelik vernuwe en emosioneel herlaai te word vir die week wat voorlê. Jesus het uitdruklik gesê: 'Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie.' (Mark 2:27).

Die kerk is 'n geestelike oase in die middel van 'n dorre woestyn. Een van die grootste probleme van predikers is dat hulle hulself te ernstig opneem, maar dat God nie altyd ernstig opgeneem word nie. Hy is perfek – nie ons nie.

Dienste wat formeel en seremonieel is, maak besoekers bang dat hulle 'iets verkeerd' sal doen. Sodra hulle ontspan, hou hulle op om aan hulleself te dink en kan hulle na die boodskap luister.

Vir baie kerklose mense is die woord *informeel* sinoniem met *opreg*. Daarteenoor beteken *formeel* vir hulle *vals* en *nagemaak*. Dink daaraan om nie formele titels vir die pastor te gebruik nie. (SB: het nie voorgeskrewe kleredrag nie.) 'n Onlangse opname deur die tydskrif GQ dui daarop dat slegs sowat 25 persent van Amerikaanse mans 'n pak klere besit.

Wat mense kerk toe aantrek, hang af van kultuur, nie teologie nie. Van een ding kan ons seker wees: Jesus het nooit 'n pak en 'n das gedra nie. Om dus te sê ons doen dit omdat Jesus dit gedoen het, is bloot nie waar nie.

Druk 'n eenvoudige program van die diens

Evalueer en verbeter voortdurend

Groeiende gemeentes moet altyd vra: 'Wat kan ons beter doen?' Elke deel van die diens moet voortdurend onder die loep geneem word om te bepaal hoe doeltreffend dit is.

Onthou wie jy dien

Daar is net drie elemente wat nie onderhandelbaar is nie: om ongelowiges met liefde en respek te behandel; om die diens by hul behoeftes aan te pas en om die boodskap op 'n praktiese, verstaanbare manier oor te dra.

Dit vereis 'n geweldige hoeveelheid energie, kreatiwiteit, toewyding, tyd, geld en voorbereiding om dit van week tot week suksesvol aan te pak. Hoekom so baie moeite doen om die kulturele gaping tussen jou lidmate en kerklose mense te probeer oorbrug? Omdat dit gedoen word soos Paulus sê, 'ter wille van Jesus' (2 Kor. 4:5).

‘Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle wet dat julle van die Here as belonging sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan’ (Kol 3:23-24).

Hoofstuk 15 – Hoe om jou musiek te kies

Hy het my ‘n nuwe lied in die mond gelê...Baie sal daarvan hoor en Hom die eer toebring, hulle sal die Here vertrou. Psalm 40:4

Bestee tyd en energie aan ‘n eersteklas-musiekbediening wat by jou teikengroep pas. Musiek is ‘n integrale deel van ons lewe. Ons eet op die maat daarvan, bestuur met dit op die agtergrond, doen inkopies terwyl dit speel en sommige nie-Baptiste dans selfs op die maat daarvan. Die grootste Amerikaanse tydverdryf is nie bofbal nie – dit is musiek en die uitruil van menings daaroor.

‘n Lied kan mense dikwels raak op ‘n manier wat ‘n preek nie kan nie. Musiek dring deur intellektuele skanse en neem die boodskap reguit tot in mense se harte. Dit is ‘n kragtige middel vir evangelisasie. Aristoteles het gesê: ‘Musiek het die mag om karakter te vorm.’

Musiek is ‘n krag wat ons die durf ignoreer nie. Dit is egter tydmors om te soek na ‘n musiekstyl waarmee almal in die kerk sal saamstem.

Hoe om jou musiekstyl te kies

Die musiekstyl wat gekies word vir die dienste, sal een van die belangrikste (en mees omstrede) besluite wees wat in die gemeente se bestaan gemaak word. (SS kyk na die stryd daaroor in die gerefkerk!) Dit sal waarskynlik ook *die* belangrikste faktor wees wat bepaal watter soort mense die gemeente vir Christus gaan bereik en of groei gaan plaasvind of nie.

Dit sal bepaal watter soort mense gelok word, die soort mense wat behou word en die soort mense wat verloor word.

RW: Sê vir my watter soort musiek gebruik jy tans in jou dienste en ek sal vir jou sê watter soort mense jy bereik, sonder om eers jou gemeente te besoek. Ek sal ook vir jou sê watter soort mense jou gemeente nooit sal bereik nie.

Gemeentes moet ook erken dat geen spesifieke musiekstyl ‘heilig’ is nie. ‘n Lied word heilig gemaak deur die *boodskap* wat dit bevat.

Sing ‘n nuwe lied

Johannes Calvyn het twee sekulêre liedjieskrywers gehuur om sy teologie in musiek te omskep. Die Koningin van Engeland het haar so vererg vir hierdie ‘vulgêre deuntjies’ dat sy afwysend daarna verwys het as ‘Calvin’s Geneva jigs’!

Liedere wat nou as klassiek en heilig beskou word, is eens nèt soveel gekritiseer as ons hedendaagse kontemporêre musiek. Toe 'Stille nag' die eerste keer gepubliseer is, het George Weber, musiekdirekteur van die Mainz-katedraal, dit 'vulgêre onheil, sonder enige godsdienstige en Christelike sentiment' genoem.

'n Mens kan vooruitgang vertraag, maar jy kan dit nie stop nie. Een van die evangeliese kerke se swakhede is dat hulle nie kerkgeskiedenis ken nie. Daarom dink ons dikwels ons huidige tradisies is die enigste orotkokse manier van doen.

Baie van die metodes en meganismes wat deesdae in kerke gebruik word – gesange, klaviere, orrels, openbare verbintnisse deur nuwe bekeerlinge en sondagsskool – is voorheen as wêrelds en selfs kettters beskou. Die debat oor musiekstyle het baie kerke al so verdeel dat Spurgeon na musiekbediening verwys het as die "oorlog bediening". Aanbidding is jou persoonlike uitdrukking van jou liefde vir God. Wanneer iemand die manier kritiseer waarop jy aanbid, ervaar jy dit natuurlik as 'n persoonlike belediging.

SW: Nadat ons bepaal het wie ons bereik, het ons 'n strategiese besluit geneem om op te hou om gesange by ons soeker-dienste te sing. Binne 'n jaar nadat ons besluit het wat 'ons klank' gaan wees, het Saddleback se besoekertal *ontploff*. Ek sal erken dat ons honderde potensiële lidmate verloor het as gevolg van die musiekstyl wat Saddleback gebruik. Aan die ander kant het ons duisende meer gelok danksy ons musiek."

Reëls vir die kies van 'n musiekstyl

Daar is 'n paar reëls wat in die verband gevolg kan word.

Luister vooraf na alle musiek wat gebruik gaan word. Moenie enige verrassings in die diens hê nie. Stel 'n paar riglyne op sodat die musiek die doel van die diens ondersteun, nie ondermyn nie.

Die vraag moet gevra word of die lirieke leerstellig korrek is. Identifiseer altyd die doel van die lied. Is dit 'n lied wat onderrig, 'n gevoel van gemeensaamheid versterk, aanbidding bevorder of 'n ewangelisasieboodskap oordra? Liedere op die gemeentelys is betekenisvol vir gelowige lidmate, maar sal nie vir kerklose mense sin maak nie.

(SB: Ons sing selde liede met 'n mineur toonaard. Die atmosfeer wat ons in ons soeker-diens probeer handhaaf, is baie belangriker as die sanger se ego.)

Versnel die tempo. Psalm 100:2 'Dien die Here met *blydskap!* Kom voor hom met *gejubel!*' (Klem bygevoeg).

Die meeste eredienste klink egter meer soos n begrafnis as 'n fees. John Bisagno, pastor van die Eerste Baptistekerk van Houston, Texas, met sowat 15 000 lidmate sê: 'Begrafnisagtige klaagsang en sangleiers met stywe boordjies sal 'n kerk vinniger doodmaak as enigeits anders in die wêreld.'

Ongelowige mense verkies gewoonlik lofliedere bo sagte, intieme aanbiddingsmusiek, omdat hulle nog nie 'n verhouding met God het nie.

Pas die lirieke aan. Daar is baie goeie liedere wat in 'n soeker-diens gebruik kan word deur bloot 'n woord of twee te verander om dit vir ongelowiges verstaanbaar te maak. Dikwels het kerlose mense geen idee waarom ons sing nie.

Moedig lidmate aan om nuwe liedjies te skryf. Wanneer die kerkgeskiedenis bestudeer word, sal jy ontdek dat elke ware herlewing nog gepaardgegaan het met nuwe musiek. Nuwe liedere sê: 'God doen *hier en nou* iets, nie net honderde jare gelede nie.

Psalm 96:1 sê: 'Sing 'n *nuwe* lied tot eer van die Here' (klem bygevoeg).

Die Columbia-platemaatskappy het eenkeer 'n studie onderneem en ontdek dat mense ophou om oor die betekenis van 'n liedjie se lirieke te dink nadat hulle dit 50 keer gesing het. Hulle sing dit dan bloot uit gewoonte.

RW: As jy regtig wil weet of jy afgesaagde Liedere in jou dienste gebruik doen volgende Sondag 'n eksperiment: Maak 'n video-opname van die gesigte van jou gemeentelede terwyl hulle die liedere sing. Wanneer mense dieselfde ou liedere sing, wys apatie en verveling gou op hul gesigte. Voorspelbaarheid het al meer eredienste gekelder as enige ander faktor.

Baie van die geestelike liedere uit die eerste deel van hierdie eeu neig om eerder die Christelike ervaring te verheerlik as om Christus self te vereer.

Vervang die orrel met 'n MIDI-orkes

Nadat 'n opname oor lidmate se musiekvoorkeure gedoen is, is daar nie 'n enkele mens wat gesê het: 'Ek luister na orrelmusiek op die radio nie.'

Ons nooi kerklose mense uit om op ons 17de-eeuse stoele (wat ons kerkbanke noem) te kom sit, laat sing hulle 18de-eeuse liedere (wat ons gesange noem) en laat hulle luister na 'n 19de-eeuse instrument ('n pyporrel). Dan wonder ons hoekom hulle dink ons is oudmodies!

RW: Ek is bevrees ons sal al vêr in die 21ste eeu wees voordat party kerke begin om instrumente van die 20ste eeu te gebruik. Jy moet besluit of jou kerk 'n konservatorium vir die musikale elite gaan wees en of dit 'n plek gaan wees waarheen gewone mense hul onbekeerde vriende kan nooi en musiek hoor wat hulle versaan en geniet. Gebruik musiek vir die *hart* nie vir die *kuns* nie.

Moenie ongelowiges dwing om te sing nie. Laat jou aanbiddingspan die meeste van die singwerk doen en gebruik minder samesang in jou soeker-dienste.

Dit is ook onrealisties om van kerklose mense te verwag om liedere van lof en toewyding aan Jesus te sing voordat hulle hul bekeer het. Dit is om die wa voor die perde te span. Dit is veral 'n verleentheid in 'n klein gemeentetjie, want almal sien as jy nie sing nie.

Fokus dus op musiekuitvoerings vir die soeker-dienste en bestee meer tyd aan logsang deur die gemeente in jou diens vir gelowiges.

Laat jou musiek saak maak

Die ongelooflike mag van musiek moet verstaan word en daardie krag insgepan word deur bereid te wees om ons persoonlike voorkeure opsy te skuif en die musiek te gebruik wat die effektiwste sal wees in ons poging om kerklose mense vir Christus te bereik.

Hoofstuk 16 – Hoe om vir kerklose mense te preek

Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord. Kolossense 4:6

Praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van die omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom. Efesiërs 4:29

Kerklose mense se grootste klagte is 'vervelige, irrelevante preke'.

Dit tel nie punte dat 'n preek leerstellig korrek is en goed klink van die kansel af nie.

Wanneer vir kerklose mense gepreek word, met die idee om geharde heidene te lok, moet dit 'n boodskap wees wat tot hulle spreek.

Pas jou styl by jou gehoor aan

Die kommunikasiestyl waaraan die meeste kerkklidmate gewoon is, is teenproduktief as 'n mens wil uitreik na kerklose mense.

Die woord *kommunikasie* kom van die Latynse woord *communis*, wat 'gewoon, algemeen of gemeenskaplik' beteken. Dit is nie moontlik om met mense te kommunikeer tensy jy iets met hulle gemeen het nie. Wat Christene met ongelowiges gemeen het, is nie die Bybel nie, maar ons gedeelde behoeftes, pyn en belangstellings as mensewesens. Jy kan nie met 'n Bybelteks begin en verwag dat dit kerklose mense gaan fassineer nie. Jy moet eers hul aandag trek en hulle dan inlei in die waarheid van God se Woord.

RW: Inplaas daarvan om op een gedeelte te konsentreer, sal ek talle verse gebruik uit verskillende Bybelgedeeltes wat na die onderwerp verwys. Ek noem hierdie soort prediking 'vers-*met*-vers'-uitleg, of aktuele uitleg. (In die teologie word dit sistematiese teologie genoem).

Nog altyd het God, as mense Hom gevra het: 'Wat is u Naam?' , Homself geopenbaar as dit wat hulle op daardie tydstip nodig gehad het: 'Ek is jou voorsiener, Ek is jou vrede, Ek is jou geregtigheid.'

Die belangrikste is om uiteindelik God se waarheid en mense se behoeftes bymekaarbring deur toepassing, ongeag waar die boodskap begin.

Maak die Bybel toeganklik vir ongelowige mense

Lees die Skrif uit 'n moderne vertaling. Daar is verskeie uitstekende vertalings van die Bybel beskikbaar. Daar is dus geen verksoning om die Goeie Nuus in verouderde taal aan te bied nie.

Kerklose mense besig gewoonlik nie Bybels nie. Dit is dus 'n goeie idee om preekopsommings uit te deel waar hulle opsommings in die kantlyn kan maak. Ons vergeet binne 72 uur 90-95 persent van wat ons gehoor het. As hul egter kantaantekeninge gemaak het, sal hul dit beter onthou.

Dink preektitels uit wat kerklose menses al lok

Preek in reaksie

Min pastors verstaan die krag van momentum. Een manier om hierdie krag in te span, is om 'n boodskapreeks aan te bied. Elke boodskap hou by 'n vorige een. Dit skep 'n gevoel van afwagting. 'n Reeks baat ook by mondelinge reklame.

Evangelisasie is gewoonlik 'n proses van herhaaldelike blootstelling aan die Goeie Nuus.

Deel 5 – Bou die kerk op

Hoofstuk 17 – Maak lidmate van besoekers

Baie Westerse Christene spring van een gemeente na die ander sonder identiteit, verantwoording of verbintenis. Dit is 'n direkte uitdrukking van Westerlinge se ongebreidelde individualisme. Hulle het nie geleer dat die Christelike lewe behels om *tuis* te *hoort* en nie bloot net om te *glo* nie. Ons groei in Christus deur ons verhouding met ander Christene. Romeine 12:10 sê: 'Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar.'

Die woord *lidmaatskap* het 'n Christelike oorsprong (aldus CS Lewis), maar is deur die wêreld oorgeneem en gestroop is van die oorspronklike betekenis.

Deesdae assosieer die meeste mense die term *lidmaatskap* met die betaling van ledegeld, betekenislose rituele, sinlose reëls, geheime handdrukke en plek op 'n stowwerige naamlys êrens. Vir Paulus het dit egter beteken dat jy 'n onmisbare orgaan van 'n lewende liggaam word (ROM 12:4-5, Kor. 6:15, 12:12-27).

Enige orgaan wat uit die liggaam verwyder word, sal nie net sy skeppingsdoel mis nie, maar gou-gou verskrompel en doodgaan. As daar nie 'n bestaande stelsel en struktuur bestaan om mense wat bereik word, in te skakel en te *behou* nie, sal hulle nie in die gemeente bly nie. Daar sal net so baie mense by die kerk se agterdeur uitloop as wat by die voordeur inkom.

Baie gemeentes aanvaar verkeerdelik dat nuwe gelowiges self hul verbintenis moet deurvoer en by die gemeente moet aansluit. Hulle reken dat die transaksie afgehandel is sodra iemand Christus aanneem. Dit is bog. Baba-Christene weet nie wat hulle nodig het nie! Dit is die *kerk* se verantwoordelikheid om die inisiatief te neem om nuwe mense by die gemeente te laat inskakel.

God soek die warmste broeikas as Hy 'n klompie baba-Christene in die lewe wil bring. Gemeentes wat die inskakeling van nuwe lidmate 'n prioriteit maak en 'n plan het waarvolgens hulle dit doen, word gewoonlik geseën met groei.

Ontwikkel 'n plan om nuwe lidmate te betrek

Spreuke 20:18 sê: 'Planne wat op goeie raad steun, slaag.'

1. Wat verwag God van sy kerk se lidmate?
2. Wat verwag ons op hierdie tydstip van ons lidmate?
3. Watter soort mense is reeds deel van ons gemeente?
4. Hoe gaan dit in die volgende vyf tot tien jaar verander?
5. Waaraan heg ons lidmate waarde?
6. Wat is nuwe lidmate se grootste behoeftes?
7. Wat is ons langtermyn-lidmate se grootste behoeftes?
8. Hoe kan ons lidmaatskap meer betekenisvol maak?
9. Hoe kan ons seker maak dat lidmate geliefd en geborge voel?
10. Wat is ons aan ons lidmate verskuldig?
11. Watter hulpbronne of dienste kan ons aan ons lidmate bied?
12. Hoe kan ons waarde toevoeg tot wat ons reeds aanbied?

Voordat mense hulle verbind om by 'n gemeente aan te sluit, soek hulle antwoorde op vyf onuitgesproke vrae:

1. Pas ek hier in? Dit is 'n kwessie van aanvaarding. Dit word die beste beantwoord deur soort-soek-soort-groepe in jou kerk te stig, waarin mense van dieselfde ouderdom en met dieselfde belangstellings, probleme of agtergrond mekaar kan leer ken. Almal soek 'n nis en kleingroepe speel 'n deurslaggewende rol om hierdie behoefte te bevredig. Wys vir mense dat daar plek is vir hulle in die gemeente.

2. Wil enigiemand my ken? Dit is 'n kwessie van vriendskap. Onthou dat mense nie soseer na 'n vriendelike gemeente soek nie, maar na *vriende*. Mense verdien individuele aandag.
3. Is ek nodig? Dit is 'n kwessie van waarde. Wanneer daar aan mense gewys kan word dat hulle 'n verskil met hul gawes en talente kan maak deur by die gemeente aan te sluit, sal hulle betrokke wil raak. Posisioneer die kerk as 'n kreatiewe instelling wat allerhande soorte talente en vermoëns benodig, nie net sangers, plekaanwysers en Sondagskoolonderwysers nie.
4. Watter voordeel hou dit vir my in om aan te sluit? Dit is 'n kwessie van gewin. Daar moet logies en duidelik kan uiteengesit kan word wat die redes vir en die voordele van lidmaatskap van die gemeente is. Verduidelik die Bybelse, praktiese en persoonlike redes vir lidmaatskap.
5. Wat word van lidmate vereis? Dit is 'n kwessie van verwagtings. Die verantwoordelikhede van lidmaatskap moet net so duidelik uitgestippel word as wat die voordele daarvan uiteengesit het. Mense het die reg om te weet wat van hulle verwag word voordat hulle aansluit.

Dra die waarde van lidmaatskap oor

Om by 'n kerk aan te sluit, was voorheen bloot 'n geval van eenvormigheid, 'n inval by die samelewing se verwagting. Mense het die kerk aangesluit omdat almal dit gedoen het.

Lidmaatskap het verskeie voordele:

1. Dit identifiseer iemand as 'n ware gelowige (Ef. 2:19; ROM 12:5).
2. Dit verskaf 'n geestelike familie om mense te ondersteun en aan te moedig in hul wandel met Christus (Gal 6:1-2; Heb. 10:24-25).
3. Dit gee hulle 'n plek om hul gawes te ontdek en in 'n bediening te gebruik (1 Kor. 12:4-27).
4. Dit plaas hulle onder die geestelike beskerming van Godvresende leiers (Heb. 13:17; Hand 20:28-29).
5. Dit gee hulle die verantwoordbaarheid wat hulle nodig het om te groei (Ef. 5:21).

Dit is belangrik om aan die besoekers en die skare in die gemeente te beklemtoon dat die kerk hulle voordele bied wat hulle nêrens anders in die wêreld kan kry nie:

1. Aanbidding help jou om op God te fokus.
2. Gemeenskap met ander gelowiges help jou om die probleme van die lewe te verwerk deur die ondersteuning en aanmoediging van ander Christene. (SS – vertrou is baie belangrik, kan alleen iemand vertrou as ek in liefde in 'n verhouding met daardie persoon staan, waar staan ons?)

3. Dissipelskap help jou om jou geloof te versterk deur die waarheid van God se Woord te leer en Bybelse beginsels in jou lewe toe te pas.
4. 'n Bediening help jou om jou talente te ontdek en te ontwikkel en dit te gebruik om ander te dien.
5. Evangelisasie help jou om jou lewensdoel te verwesenlik deur jou vriende en familie vir Christus te bereik.

Daar is baie metafore vir 'n Christen wat van 'n gemeente of kerk afgesny is: 'n voetbalspeler sonder 'n span; 'n soldaat sonder 'n peleton; 'n tubaspeler sonder 'n orkes; 'n skaap sonder 'n kudde, maar die mees verstaanbare (en Bybelse) prentjie is diè van 'n kind sonder 'n gesin.

In 1 Tim 3:15 word verwys na die kerk as '... die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.' Paulus herinner ons in Efesiërs 2:19: 'Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.' **'n Christen sonder 'n kerkfamilie is 'n weeskind. (SS Rede vir kerkbywoning, kan nie maar sê ek glo maar gaan nie kerk toe nie).**

'n Aantal faktore het hierdie kernfamilie in die hedendaagse kultuur gefragmenteer. Dit sluit in die hoë egskeidingsyfer, uitgestelde huwelike, die klem op individualiteit, 'alternatiewe' lewenstyle en vroue wat buitenshuis werk. Die tempo waarteen mense rondtrek, is nog een. In ons mobiele samelewing het mense min wortels. Mense word nie meer omring deur 'n uitgebreide familie van ooms en tantes, grootouers en broers en susters, wat in vorige geslagte 'n veiligheidsnet gevorm het nie.

Vance Packard noem Amerika ' 'n nasie van vreemdelinge' n.a.v. die aantal enkelouers. As gevolg daarvan ondervind ons 'n epidemie van eensaamheid in die samelewing. Een Gallup-opname het bevind dat vier uit elke tien Amerikaners erken dat hulle gereeld gevoelens van 'intense eensaamheid' ondervind.

Bieradvertensies bemark nie bier nie, maar samesyn. Hierdie behoefte om tuis te hoort bied 'n wonderlike geleentheid aan die kerk.

Vestig 'n verpligte lidmaatskapklas

'n Aantal studies het getoon dat die wyse waarop mense in 'n organisasie funksioneer grootliks afhang van die manier waarop hulle by daardie organisasie aangesluit het. Dit geld ook vir aansluiting by 'n kerk. Die *manier* waarop mense by 'n gemeente aansluit, sal hul toekomstige doeltreffendheid as lidmate bepaal.

Die belangrikste klas in die kerk is die lidmaatskapklas, want dit bepaal die gees en vlak van verwagting vir alles wat volg. Die allerbeste tyd om 'n sterk verbintenis uit jou lidmate te

kry, is sodra hulle aansluit. As jy min van lidmate vereis om aan te sluit, moet jy later min van hulle verwag.

Net soos 'n swak lidmaatskapklas 'n swak gemeente sal bou, sal 'n sterk lidmaatskapklas 'n sterk gemeente bou. (dit veronderstel nie 'n lang klas nie, maar 'n deeglike klas – ongeveer vier uur lank en binne 'n dag afgehandel). Verkieslik moet Senior pastors hierdie klas aanbied. Die geleentheid om die pastor se visie vir die gemeente te hoor, sy liefde vir die lidmate te voel en sy persoonlike verbintenis te hoor om hulle te voed, te lei en na hulle belange om te sien, is baie belangrik vir nuwe lidmate.

Jou lidmaatskapklas moet die volgende vrae beantwoord:

1. Wat is 'n kerk?
2. Wat is die doelwitte van die kerk?
3. Wat is die voordele daarvan om 'n lidmaat te wees?
4. Wat is die verantwoordelikhede van lidmaatskap?
5. Wat is hierdie gemeente se visie en strategie?
6. Hoe is die gemeente georganiseer?
7. Hoe kan ek by 'n bediening betrokke raak?
8. Wat doen ek nou dat ek 'n lidmaat is?

Mense wat nie belangstel nie, of onwillig is om jou gemeente se doelwitte, strategie en die implikasies van lidmaatskap te leer ken, openbaar nie die soort verbintenis wat lidmaatskap vereis nie. Jy moet hulle dus nie toelaat om aan te sluit nie. Daar is baie ander gemeentes wat betekenisvolle lidmaatskap bied waarna jy hulle kan verwys.

Ontwikkel 'n lidmaatskap-onderneming

Paulus noem twee verskillende soorte verbintnisse in 2 Korintiërs 8:5: 'dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.'

Jy verbind jouself tot Christus vir verlossing en tot ander Christene vir lidmaatskap van ons kerkfamilie. In ons kerk definieer ons *koinonia* soos volg: 'om aan mekaar verbind te wees soos ons aan Jesus Christus verbind is'.

Ek glo dit is 'n aanklag teen die Christendom dat die meeste gelowiges Johannes 3:16 kan aanhaal, maar nie die dieselfde kan doen met 1 Johannes 3:16 nie: 'Hieraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê.'

Die frase 'mekaar' of 'die een die ander' word meer as 50 keer in die Nuwe Testament gebruik. Ons kry opdrag om mekaar lief te hê, vir mekaar te bid, mekaar te bemoedig, mekaar te vermaan, mekaar te groet, mekaar te dien, mekaar te leer, mekaar te aanvaar,

mekaar te eer, mekaar se laste te dra, mekaar te vergewe, vir mekaar te sing, die een aan die ander te onderwerp en aan mekaar toegewyd te wees.

Die belangrikste deel van 'n huwelikplegtigheid is waar die man en die vrou beloftes teenoor mekaar aflê voor getuies en voor God. Hierdie verbond of onderneming tussen hulle verteenwoordig die wese of essensie van die huwelik. Net so word die wese van kerklidmaatskap vervat in die bereidwilligheid om jou te verbind tot 'n lidmaatskap onderneming.

By SB bestaan daar 4 vereistes vir lidmaatskap:

1. 'n Persoonlike verklaring dat Christus die Here en Verlosser is,
2. Doop as 'n openbare simbool van jou geloof,
3. Voltooiing van lidmaatskapklas en
4. 'n Getekende verbintenis om jou by Saddleback se lidmaatskap-onderneming te hou.

Skep geleenthede om verhoudings te bou

Lidmate moet gehelp word om vriendskappe binne jou kerk te smee. Verhoudings is die gom wat 'n kerk saambind. Vriendskappe is die sleutel om lidmate te behou. (SS – kuiergeleenthede binne die gemeente, leer mekaar ken, onbekend is onbeminde).

Hoe meer vriendskappe iemand in 'n gemeente gesmee het, hoe onwaarskynliker is dit dat daardie persoon onaktief sal word of die gemeente sal verlaat. (SS – veral jonger lidmate, hul gaan gewoonlik waar hul vriende is, hou die gom ts hulle stewig sodat hul nie uiteindelik weggaan omdat hul portuur nie meer daar is nie.)

Daar moet dit aktief aanmoedig, beplan, struktureer en fasiliteer word. Skep soveel moontlik geleenthede waar mense mekaar kan ontmoet en beter leer ken (bv. naweekuitstappies, eteklubs, sport, speletjiesaaande, pieknies ens. – GEMEENTEKAMPE?!)

Gebruik naamkaartjies tydens hierdie geleenthede.

Moedig elke lidmaat aan om by 'n kleingroep aan te sluit

Ontwikkel 'n netwerk van kleingroepe rondom verskillende doelwitte, belangstellings, ouderdomme, woongebiede of wat ook al. Hou aan om dit te doen. (SS – Weer die jongmense, hul vrae is gerig op praktiese implikasie v hul geloof, hoe maak hul sin in die wêreld van vandag en hoe gaan hul geloof hul daarmee help. Beantwoord aan hierdie behoefte?)

Een van die gesegdes wat ek herhaaldelik vir ons personeel en bedieningsleiers aanhaal is: 'Ons gemeente moet terselfdertyd groter en kleiner word.' Daarmee bedoel ek dat daar 'n balans moet wees tussen die samekomste van die groot groep en die werking van die kleingroepe.

Die groot groep se samekomste gee mense die gevoel dat hulle deel is van iets betekenisvol, maar jy kan nie persoonlike gebedsversoeke in 'n skare deel nie. Aan die ander kant is kleingroepe ideaal om 'n gevoel van intimiteit en samesyn te skep. Mense kom agter as jy nie daar is nie.

Deur huise te gebruik vir kleingroep-byeenkomste, het vier voordele:

1. Die aantal bymekaarkomplekke is nie beperk nie (huise is orals).
2. Dit het nie geografiese beperkings nie (jy kan 'n veel groter gebied bedien).
3. Dit is goeie finansiële bestuur (jy gebruik geboue waarvoor ander mense betaal, wat meer geld laat vir bediening).
4. Dit bring meer intieme verhoudings mee (mense is meer ontspanne in 'n huisopset).

Hoe groter jou gemeente word, hoe belangriker word kleingroepe. Kleingroepe is die doeltreffendste manier om die agterdeur van jou kerk toe te maak.

Hou kommunikasielyne oop

Dit is uiters belangrik dat jy duidelike kommunikasiekanale binne die kerk vestig. Ingeligte lidmate is doeltreffende lidmate. Kommunikeer d.m.v. die internet, e-pos, SMS'e, faksmasjiene, oudio en video-opnames, nuusbriewe, gebedskettings, telefoonoproepe, koerantberigte en poskaarte.

Spreek 27:23 sê: 'Sorg dat jy weet wat jou kleinvee nodig het, gee aandag aan jou veetroppe.'

Die belangrikste kudde is God se kudde. Die volgende kan gebruik word om die hartklop van jou kerkfamilie te monitor: die welkom-kaart, telefoonvrywilligers, bedieningsverslae.

Hoofstuk 18 – Kweek volwasse lidmate

Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. Efesiërs 4:12

Ons bid ook vir jul geestelike volwassenheid. 2 Korintiërs 13:9

Paulus het in Efesiërs 4:14-15 gesê: 'Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur die wind van elke dwaalleer nie. Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe.'

Die uiteindelijke doelwit van geestelike groei is om soos Jesus te word. 'Die wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is' (Rom 8:29). God wil hê dat elke gelowige Christus se karakter moet ontwikkel.

Mites oor Geestelike volwassenheid

Mite oor volwassenheid: 1: Geestelike groei vind outomaties plaas as jy wedergebore is.

Kerke is vol geestelike babas wat hul hele lewe lank al dienste bywoon. Geestelike groei vind nie vanself met verloop van tyd plaas nie. Die skrywer van Hebreërs het hartseer opgemerk: 'Hoewel julle teen hierdie tyd self reeds onderrig behoort te gee, het julle weer nodig dat iemand julle in die grondwaarhede van die woord van God moet onderrig' (Heb. 5:12).

Die waarheid is: Geestelike groei is 'n doelbewuste aksie. Iemand moet wil groei. Dissipelskap begin met 'n *besluit*. Die dissipels het sekerlik nie al die implikasies van hul keuse besef toe hulle besluit het om Christus te volg nie; hulle het bloot 'n begeerte uitgespreek om Hom te volg. Jesus het daardie eenvoudige, maar opregte, besluit geneem en daarop voortgebou.

Ons moet as't ware dit wat Christus met ons verlossing in ons *bewerk* het, nou in die praktyk *uitwerk*. ***Ons word waartoe ons ons verbind***. Net soos 'n verbintenis om die Groot Gebod en die Groot Opdrag uit te voer 'n gemeente sal laat groei, so sal dit 'n Christen help om geestelik volwasse te wou. Geestelike groei is te belangrik om aan toeval oor te laat.

Geestelike groei wat tot volwassenheid lei, begin met die soort toewyding wat in Romeine 6:13 beskryf word: 'Stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is en stel elke deel van hulle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.'

Mite oor volwassenheid: 2: Geestelike groei is misties en volwassenheid kan slegs deur 'n paar uitverkorenes bereik word. (SS - Gevaar van Charismatiese bediening, as jy nie die gevoel het nie, is jy nie "geestelik" genoeg nie)

As 'n mens deesdae die term 'geestelik' gebruik, roep mense beelde op van iemand met 'n wit gewaad wat met toe oë in die joga-posisie sit, wie rook brand en heelyd *ommmmmmm* dreunsing. Ander dink aan Christen-mistici en monnike wat vêr van die werklike lewe in kloosters lewe. Ongelukkig voel baie Christene dat geestelike volwassenheid so vêr buite hul bereik is dat hulle nie eens daarna streef nie. Hulle glo geestelike volwassenheid is vir 'superheiliges'.

Die waarheid is: Geestelike groei is baie prakties. Ons moet die misterie uit geestelike groei haal deur die elemente daarvan te herlei na 'n paar praktiese, alledaagse gewoontes.

1 Timoteus 4:7 lui: 'Bestee tyd en doen moeite om jouself geestelik fiks te hou.'

Die pad na geestelike fiksheid is net so eenvoudig soos die pad na liggaamlike fiksheid.

Net so is geestelike fiksheid bloot 'n kwessie van die aanleer van seker *geestelike* oefeninge en die toepas van dissipline om dit te doen totdat dit gewoontes word. Karakter word gevorm deur die gewoontes wat ons aankweek.

Mite oor volwassenheid: 3: Geestelike volwassenheid kan oombliklik plaasvind as jy die regte 'sleutel' het.

Daar is nie iets soos kitsvolwassenheid as dit by geestelike sake kom nie. Die waarheid is: Geestelike groei is 'n proses wat tyd neem. Net soos God die Israeliete toegelaat het om die nasies 'die een na die ander' uit die beloofde land te verdryf (Deut. 7:22) gebruik Hy 'n geleidelike proses van verandering om die beeld van Christus in ons gestalte te laat kry. Geestelike groei is 'n reis wat lewenslank duur, al wil ons die proses bespoedig. (SS - you never arrive, not in this life).

Gelowiges groei vinner as jy vir hulle 'n weg aandui wat lei tot geestelike volwassenheid.

Mite oor volwassenheid: 4: Geestelike volwassenheid word gemeet aan wat jy weet.

Baie gemeentes evalueer geestelike volwassenheid bloot op grond van hoe goed jy Bybelverse kan aanhaal, Bybelkarakters kan identifiseer, gedeeltes uit die Bybel kan interpreter en Bybelse leerstellings kan verduidelik. Die vermoë om oor kerkleer te debatteer, word deur sommige as die absolute toppunt van geestelikheid beskou. Hoewel Bybelkennis 'n vereiste vir geestelike volwassenheid is, is dit nie al waaraan dit gemeet word nie. **Die waarheid is: Geestelike volwassenheid word gesien in hoe jy optree, nie in wat jy bely nie. Geloof moet deur gedrag ondersteun word.**

Jakobus het ook gesê: 'Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dae wat van nederigheid en wysheid getuig' (Jak 3:13).

As jou geloof nie jou lewenstyl verander het nie, is dit nie veel werd nie.

Efesiërs 5:8 sê: 'Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is hulle lig. Leef dan as mense van die lig'. Jesus het dit die duidelikste van almal gestel: 'Aan hulle vrugte sal julle hulle ken' (Matt. 7:16). Dit is die vrugte, nie die kennis nie, wat iemand se volwassenheid toon. Een wesenlike gevaar daarvan om slegs kennis te hê, sonder vier ander komponente, is dat dit verwaandheid meebring. In 1 Korintiërs 8:1 word gesê: 'Kennis maak verwaand, maar liefde bou op.' Kennis moet getemper word deur karakter. Party van die mees wêreldse Christene wat ek ken, was lopende ensiklopedieë van

Bybelkennis. Hulle kan enige Bybelvers uitlê en enige leerstelling verdedig, maar hulle is liefdeloos, selfvoldaan en veroordelend.

Mite oor volwassenheid: 4: Geestelike groei is 'n persoonlike en private kwessie.

Die verafgoding van individualisme in die Westerse kultuur het selfs die manier beïnvloed waarop ons oor geestelike groei dink.

Die meeste van die lering oor geestelike vorming neig om selfgesentreerd en na binne gefokus te wees. Hierdie stand van sake is totaal onbybels en misken 'n groot deel van die Nuwe Testament.

Die waarheid is: Christene het verhoudings nodig om te groei. Hebreërs 10:24-25 sê: 'Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dae. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan.' Dit is God se plan dat ons in 'n familie grootword.

Verhoudings is die 'gom' wat mense aan die kerk verbind. Johannes sê die bewys daarvan dat ons in die lig lewe, lê daarin dat 'ons met mekaar deel het aan dieselfde gemeenskap' (1 Joh. 1:7).

1 Johannes 3:14: 'Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood.'

1 Johannes 4:20: 'Wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.' Let op dat Johannes sê 'kan nie'. Hy sê dus dit is onmoontlik om God lief te hê as jy nie sy kinders liefhet nie.

Een rede hoekom baie Christene nooit getuig nie, is omdat hulle nie weet hoe om by ander mense aanklank te vind nie. (SS – en ons doen dit so min want ons word nie daarmee groot nie, dis amper taboe om oor jou geloof in God te getuig, netnou dink ander jy is verwaand).

Hulle kan nie aanklank vind by ongelowiges nie, want hulle kan nie eens aanklank vind by gelowiges nie.

Mite oor volwassenheid: 6: Jy het net Bybelstudie nodig om te groei.

Ons kan hierdie klaskamer-kerke noem. Hulle is geneig om linkerbrein-georiënteerde en kognitief gefokus te wees. Hulle benadruk die onderrig van die inhoud en leerstellings van die Bybel en gee min of geen aandag aan die ontwikkeling van gelowiges se emosies, ervaring en verhoudings. Die waarheid is: Dit neem 'n verskeidenheid van geestelike belewings met God om geestelike volwassenheid te bereik. Ware geestelike volwassenheid sluit in om 'n hart te hê wat God aanbid en vereer, om liefdevolle verhoudings te kweek en

te geniet, om jou gawes en talente te gebruik om ander te dien en om jou geloof met verlore mense te deel.

Enige gemeentestrategie om mense te lei na volwassenheid, moet al hierdie belewings insluit: aanbidding, gemeensaamheid, Bybelstudie, evangelisasie en bediening. Met ander woorde, geestelike groei vind plaas wanneer jy aan al vyf doelwitte van die kerk deelneem.

Volwasse Christene bestudeer nie bloot die Christelike lewe nie – hulle beleef dit.

Ons kan nie die feit misken dat God aan die mens emosies en verstand gegee het nie. Wanneer 'n mens alle beleving uit Christene se groeiproses haal, bly daar niks oor buiten 'n steriele, intellektuele geloof nie. So 'n geloof kan slegs bestudeer word; nie geniet of uitgeleef word nie.

Studie *sonder diens* produseer Christene wat ander oordeel en vol geestelike hoogmoed is.

Die woorde wat die meeste gebruik word om die Christelike lewe te beskryf, is liefde, gee, glo en dien. Wat hulle nodig het, is die beleving van bediening en evangelisasie waar hulle kan toepas wat hulle reeds weet, die beleving van verhoudings (soos in 'n kleingroep) waar hulle verantwoordelik gehou kan word vir wat hulle weet en betekenisvolle belevens van aanbidding waar hulle hul waardering aan God kan uitdruk vir wat hulle van Hom weet.

Jakobus het die eerste Christene gewaarsku; 'Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.' (Jak 1:22).

Indrukke sonder uitdrukking lei tot onderdrukking! Kerke doen hul lidmate 'n groot onreg aan wanneer hulle hul so besig hou met Bybelstudies dat hulle nie tyd het om toe te pas wat hulle by die vorige een geleer het nie. Terselfdertyd dink hulle hul groei omdat hul notaboeke al dikker word.

Ons moet voortgaan om die Woord te bestudeer om Christus se dissipels te wees. Kerke moet 'n gebalanseerde strategie hê om dissipels te ontwikkel.

Ontwerp jou strategie

Verhoog die vlak van verbintenis. Ongelukkig word gemeentes meer dikwels deur komitees bymekaargehou as deur verbintenis.

Een manier om te bepaal of jou gemeente geestelik groei, is om te kyk of die standaard vir leierskap met verloop van tyd al hoër word en dit 'n dieper vlak van verbintenis aan Christus en geestelike groei vereis.

Elke keer as jy die standaard vir leierskap verhoog, trek jy almal in die gemeente saam boontoe. ' 'n Inkomende gety lig al die bote in die hawe.'

Jy moet mense vra om hulle te verbind. Jy gaan geen verbintenis kry as jy nie daarvoor vra nie. En as jy nie jou lidmate vir 'n verbintenis vra nie, kan jy seker wees dat ander groepe

hulle wel sal vra: burgerregte-groepe, diensorganisasies, Politieke partye of ander Christen-organisasies. Die vraag is nie of mense hulle gaan verbind nie, maar eerder aan wie hulle hul gaan verbind.

As jou kerk nie 'n verbintenis vra en mense daarby hou nie, sal mense tot gevolgtrekking kom dat dit wat die kerk doen, nie so belangrik is soos hul ander aktiwiteite nie.

Ouers wie se kinders aan skoolsport deelneem, sal weet dat, wanneer jou kind vir 'n span gekies word, daar van jou verwag word om verversings te verskaf, te help met vervoer, trofee te skenk, sosiale spanbyeenkomste te reël en al die wedstryde by te woon. Daar is net mooi niks vrywillig omtrent jou deelname nie!

Een van die nuttigste dinge wat 'n kerk vir mense kan doen, is om hulle te help besluit watter verbintenis om te maak en watter om van die hand te wys.

Baie mense sukkel om geestelik te groei; nie weens 'n gebrek aan toewyding nie, maar te wyte aan te veel verbintenis aan die verkeerde dinge. Mense moet geleer word om meer oordeelkundige verbintenis te maak.

Vra met selfvertroue vir groot verbintenis. Jesus het nie gehuiwer om mans en vroue te vra om alles te laat vaar en Hom te volg nie. Dit is 'n interessante verskynsels dat, hoe groter die verbintenis is wat jy vra, hoe groter is die reaksie wat jy dikwels kry.

Mense wil toegewyd wees aan iets wat betekenis gee aan hulle lewe. Hulle reageer eerder op verantwoordelikhede wat sin gee aan die lewe en word aangetrek deur 'n visie wat hulle uitdaag.

Jesus het aangedring op volkome verbintenis. Lukas 14:33. Sommige pastors wil nie vir groot verbintenis vra nie, want hulle is bang dit sal mense afskrik, maar mense word nie afskrik as jy 'n groot verbintenis van hulle vra nie – solank daar 'n grootse doelwit daaragter is. 'n Belangrike onderskeid om ingedagte te hou, is dat mense nie op behoeftes reageer nie, maar op 'n passievolle visie. Dit is hoekom baie rentmeesterskap-veldtogte nie werk nie: Dit fokus op die behoefte van die kerk eerder as op die visie van die kerk.

Wees spesifiek wanneer jy 'n verbintenis van mense vra. Nog 'n manier op verbintenis te verhoog is om spesifiek te wees. Ons vra mense om hulle aan Christus te verbind, dan aan die doop, dan aan lidmaatskap, dan aan gewoontes wat tot volwassenheid lei, dan aan bediening en uiteindelik aan die verwesenliking van hul lewensdoel.

Verduidelik die voordele van verbintenis. Nog 'n sleutel om mense se verbintenis te ontsluit, is om die voordele daarvan uit te lig. Die Here doen dit herhaaldelik in die Bybel. Ons ontvang altyd seën as ons gehoorsaam is.

Maak seker jy verduidelik die persoonlike voordele, die familievoordele, die voordele vir die liggaam van Christus en die samelewing in die algemeen, asook die ewige voordele van 'n

verbintenis aan geestelike groei. Mense het werklik 'n ingebore begeerte om te leer, te groei en te verbeter, maar soms moet jy hierdie begeerte in mense aanwakker deur mikpunte vir leer en geestelike groei uit te stippel kragtens die waarde en voordele wat dit inhou.

Adverteerders is meeserverpakkers. Daarom is dit des te meer ironies dat die kerk, wat die ware sleutel tot sin, betekenis en vervulling het, dit dikwels op so 'n ongeërgde, onaantreklike manier aanbied. Die vermoë om verbintenisse te maak en daarby te hou, is 'n teken van volwassenheid.

Help mense om geestelike groeigewoontes aan te kweek. Hoewel ons mense leer dat dissipline deel is van dissipelwees, glo ons dat hierdie gewoontes *geniet* moet word, nie bloot verduur moet word nie.

Dostojevski het eenkeer gesê: 'Die tweede helfte van 'n mens se lewe word gevorm deur die gewoontes wat hy in die eerste helfte aanleer.' En Pascal het gesê: 'Die sterkte van 'n mens se deug...word gemeet aan sy gewoontes.' Mense is skepsels van gewoonte. As ons nie goeie gewoontes aankweek nie, sal ons slegtes aanleer.

Die vier gewoontes van 'n dissipel is: die gewoonte om tyd aan God se Woord te bestee, die gewoonte om te bid, die gewoonte om 'n tiende te gee en die beoefening van gemeensaamheid. Dit is gebaseer op stellings deur Jesus wat dissipelskap definieer: 'n dissipel gehoorsaam God se Woord (Joh. 8:31-32); 'n dissipel bid en dra vrugte (Joh. 15:7-8); 'n dissipel word nie besit deur sy besittings nie (Luk. 14:33); en 'n dissipel betoon liefde teenoor ander gelowiges (Joh. 13:34-35).

In Nehemia 9:38 het die hele volk saam 'n geestelike onderneming gegee, dit op skrif gestel en hul leiers gevra om as getuies te teken.

Bou 'n gebalanseerde Christelike opvoedingsprogram. Daar is vyf maatstawwe vir geestelike groei: kennis, perspektief, oortuiging, vaardighede en karakter.

Hoewel alle Bybelboeke belangrik is, wil ons hê (Saddleback), dat lidmate vyf 'kern' boeke moet bestudeer voordat hulle ander Bybelstudies aanpak. Hierdie boeke is Genesis, Johannes, Romeine, Efesiërs en Jakobus.

Perspektief is iets beter te verstaan omdat jy dit uit 'n breër verwysingsraamwerk sien. Dit is die vermoë om te sien hoe dinge met mekaar verband hou en dan hul belangrikheid ten opsigte van mekaar te beoordeel. Dus om die lewe uit God se oogpunt te sien. In die Bybel het die woorde *begrip, wysheid en oordeel* almal met perspektief te doen. Die teenoorgestelde van perspektief is *hardheid van hart, blindheid en apatie*.

Psalm 103:7 sê: 'Aan Moses het Hy sy *wil* bekend gemaak, aan Israel wat Hy van plan was om te *doen*.' (klem bygevoeg). Die mense van Israel kon sien *wat* God gedoen het, maar

Moses kon verstaan *hoekom* God dit gedoen het. Dit is die verskil tussen kennis en perspektief.

Kennis is om te leer *wat* God gesê en gedoen het. Perspektief is om te verstaan *hoekom* God dit gesê of gedoen het. Dit beantwoord die 'hoekom'-vrae in die lewe.

In teenstelling hiermee is perspektief 'n eienskap van geestelike volwassenheid. Hebreërs 5:14 sê: '*Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei.*' (klem bygevoeg).

Eerstens, *perspektief help ons om God meer lief te hê*. Hoe beter ons God se aard en sy weë verstaan, hoe liever word ons vir Hom. Paulus het gebid: 'Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek' (Ef. 3:18).

Tweedens, *perspektief help ons om versoeking te weerstaan*. Wanneer ons uit God se oogpunt na 'n situasie kyk, besef ons dat die langermyn-gevolge van sonde groter is as enige korttermyn-plesier wat dit kan verskaf. 'Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens *reg kan lyk*, maar die uiteinde daarvan is die dood' (Spreuke 14:12, klem bygevoeg).

Derdens, *perspektief help ons om beproewings te oorkom*. Wanneer ons God se perspektief op die lewe het, besef ons '...dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet' (Rom 8:28). Perspektief is een van die redes waarom Jesus die kruis kon verduur (vgl. Heb. 12:2).

Vierdens, *perspektief beskerm ons teen foute*. As daar al ooit 'n tyd was dat Christene hulle na die waarheid moes wend, is dit nou. Ons leef in 'n samelewing wat die absolute waarheid verwerp en elke mening as geldig beskou.

As ons perspektief het, 'sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë meevoer nie' (Ef. 4:14). Perspektief bring stabiliteit in mense se lewe. (Saddleback se program om lidmate se perspektief te ontwikkel, word 'Lewensperspektiewe' genoem.)

12 Noodsaaklike Christelike leerstellings word geleer: (By SB)

1. *Oortuiging*. Jou oortuigings sluit jou waardes, verbintenisse en motivering in.

Wanneer jy 'n Christen word, doen jy dikwels dinge bloot omdat ander Christene dit aan die hand doen, of omdat jy hul voorbeeld volg. Jy sal dalk bid, die Bybel lees of

kerdiensie bywoon omdat hulle dit doen. Dit is in die haak vir nuwe Christene – kinders leer ook so. Namate jy groei, moet jy egter jou eie redes ontwikkel hoekom jy goed doen.

'n Mens sonder oortuiging is uitgelewer aan die genade van omstandighede. As jy nie self besluit wat vir jou belangrik is en hoe jy gaan leef nie, sal ander mense dit vir jou doen. Ek glo Paulus het oor oortuiging gepraat toe hy in Romeine 12:2 gesê het: 'Julle moet nie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.'

Daar is 'n ou cliché wat lui: 'As jy nie vir iets staan nie, sal jy vir enigiets val.' Dit is ironies dat mense dikwels sterk oortuigings het oor onbelangrike kwessies (rugby, modes, ens.), maar swak, ondeurdagte oortuigings het oor belangrike kwessies (bv. oor wat reg en verkeerd is).

Groei verg tyd en moeite. As mense nie sterk oortuigings het oor die waarde van groei nie, word hulle mismoedig en gee boedel oor. Die mense wat die grootste invloed op die wêreld gehad het, was nie noodwendig die slimste, rykste of hoogs opgeleide mense nie; hulle was die mense met die sterkste, diepste oortuigings.

Jesus se lewe is oorheers deur sy oortuiging dat Hy gestuur is om die wil van sy Vader te doen.

Wanneer mense oortuigings soos Christus s'n ontwikkel, besef hulle ook dat hul lewe 'n doel het. Sterk oortuigings trek mense aan.

Kerke sonder duidelike, sterk oortuigings sal nooit die vlak van verbintenis meebring wat Christus verdien nie. Die oortuiging dat die koninkryk van God die hoogste doel in die wêreld is, moet in ons brand. Nou bande met mense met sterk oortuigings het gewoonlik 'n groter invloed op mense as om bloot te luister na 'n boodskap wat met oortuiging aangebied word.

2. *Vaardighede*. In die Christelike lewe is daar sekere vaardighede wat 'n mens moet aanleer om volwasse te word: Vaardighede ten opsigte van Bybelstudie, bediening, getuienis, verhoudings, tydbestuur en vele meer.

Kennis en perspektief het te doen met *wat jy weet*. Oortuiging en karakter het te doen met *wat jy is*.

'Ons gedrag wys dat ons aan God se familie behoort. Jesus het gesê: 'My moeder en my broers is dié wat na die woord van God luister en *daarvolgens handel*' (Luk. 8:21. Klem bygevoeg).

Vaardigheid is die sleutel tot doeltreffendheid. 'As die byl stomp word en nie geslyp word nie, moet jy meer krag gebruik. Dit betaal om jou *verstand te gebruik*' (Prediker 10:10, klem bygevoeg).

3. *Karakter*. 'n Karakter soos dié van Christus is die uiteindelijke doelwit van alle Christelike lering. 'dan sal ons....soos 'n volwasse mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus' (Ef. 4:13).

Om 'n karakter soos dié van Christus te ontwikkel, is die belangrikste taak in die lewe. Dit is die enigste ding wat ons saam met ons sal neem na die hiernamaals.

Dit beteken dat die doelwit van alle lering moet wees om lewens te verander. Karakter word nooit in 'n klaskamer gevorm nie, maar deur lewensomstandighede. Bybelstudie in die klaskamer is bloot die plek waar jy karaktereienskappe *identifiseer* en leer hoe karakter gevorm word.

Karaktervorming behels altyd keuses. Wanneer ons die regte keuse uitoefen, word ons karakter meer soos dié van Christus.

Ons ontwikkel die regte karakter wanneer ons in situasies reageer soos God sou reageer, eerder as om ons natuurlike instink te volg.

'Die vrug van die Gees... is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.' (Gal 5:22-23).

God is baie meer geïnteresseerd in ons karakter as in ons gemak. Sy plan is om ons volmaak te maak, nie om ons te pampelang nie. Daarom laat Hy allerlei omstandighede toe wat karakter bou: konflik, teleurstelling, probleme, versoeking, verveling en vertraging. Een van die belangrikste dele van 'n gemeente se lering is om mense toe te rus met die kennis, perspektief, oortuigings en vaardighede wat nodig is om sulke situasies te hanteer.

Samuel Smiles het die volgende waarneming gemaak meer as honderd jaar gelede:

Saai 'n gedagte en jy oes 'n daad;

Saai 'n daad en jy oes 'n gewoonte;

Saai 'n gewoonte en jy oes 'n karakter;

Saai 'n karakter en jy oes 'n bestemming.

Jy moet met 'n fondament van kennis begin. Aangesien geestelike groei op God se Woord gebou is, is die eerste studieterrein om 'n basiese kennis van die Bybel te bekom. Respektief en oortuiging moet op die Bybel gegrond word.

Sodra jy dinge uit God se perspektief sien, sal jy begin om Bybelse oortuigings te ontwikkel.

(By Saddleback is dit die doelwitte waarna ons voortdurend streef. Soos Paulus in Kolossense 1:28 gesê het: 'Hom verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring.')

Hoofstuk 19 – Maak dienaars van jou lidmate

God het ons gemaak wat ons nou is; in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. Efesiërs 2:10

Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. Efesiërs 4:12

RW: Glo die kerk is 'n slapende reus. Elke Sondag word die kerbanke gevul deur lidmate wat niks anders met hul geloof doen as om daarin te 'volhard' nie. In die meeste gemeente beteken die beskrywing 'aktiewe limaat' iemand wat gereeld kerk bywoon en dit finansiëel ondersteun. Dit is omtrent al wat vereis word. Maar God verwag dat elke Christen sy of haar talente en gawes in die een of ander bediening sal gebruik. As ons ooit die geweldige talent, hulpbronne, kreatiwiteit en energie kan ontsluit wat dormant in die meeste plaaslike gemeentes lê, sal die Christendom ontplof met ongekenende groei.

Vyftig persent van alle kerklidmate stel glad nie belang om enige bediening te doen nie. Die helfte van sy lidmate bly blote toeskouers. Dit is die mense wat sê: 'Ek voel nie ek is gelei om betrokke te raak nie.' **(Eintlik is hulle gelei, hulle is net te lui!).**

Die bemoedigende nuus wat Gallup ontdek het, is dat 40 persent van alle lidmate belangstelling *toon* in bediening, maar nooit gevra is om iets te doen nie, of nie weet hoe om dit te doen nie. Hierdie groep is 'n goudmyn wat nie ontgin word nie. As jy hierdie 40 persent kan mobiliseer en by die huidige tien persent voeg wat reeds dien, sal 50 persent van jou kerk se lidmate aktief in die bediening staan.

Dit is soos 'n spier in jou liggaam – as jy dit nie gebruik nie, sal jy dit verloor.

Elke gemeente benodig 'n weldeurdragte stelsel om sy lidmate se talente te ontdek, te mobiliseer en te ondersteun. Jy moet 'n proses begin om mense na 'n dieper verbintenis en groter diens aan Christus te lei.

Wat behels dit om van 'n gehoor 'n gemeente te maak? Hoe omskep jy toeskouers in deelnemers?

Leer mense die Bybelse beginsels dat elke lidmaat 'n dienaar is.

Romeine 12:1-8 – ons glo die kerk is op vier pilare van vrywilligerbediening gebou. Ons leer ons lidmate hierdie vier waarhede oor en oor.

Pilaar 1: Elke gelowige is 'n dienaar

Elke gelowige is nie 'n pastor nie, maar elke gelowige is geroep om te dien. Diens in die liggaam van Christus (die kerk) is nie opsioneel vir Christene nie. Om 'n Christen te wees, is om soos Jesus te wees. Jesus het gesê: 'Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.' (Mark 10:45).

Diens en gee is die bepalende karaktertrekke vir die Christelike leefstyl en dit word van elke gelowige verwag.

(By Saddleback leer ons dat elke Christen):

geskep word vir bediening (vgl. Ef. 2:10);

gered word vir bediening (vgl. 2 Tim 1:9);

geroep word vir bediening (vgl. 1 Pet. 2:9-10);

toegerus word vir bediening (vgl. 1 Pet. 4:10);

gesag het om te dien (vgl. Matt. 28:18-20);

aangesê word vir bediening (vgl. Matt. 20:26-28);

voorberei word vir bediening (vgl. Ef. 4:11-12);

benodig word vir bediening (vgl. 1 Kor. 12:27);

verantwoordbaar is vir bediening en

beloon sal word volgens sy of haar bediening (vgl. Kol 3:23-24).

Pilaar 2: Elke bediening is belangrik.

'Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê...Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie.' Die kop kan weer nie vir die voete sê: 'Ek het julle nie nodig nie.' Intendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik.' 1 Korintiërs 12:18-22.

Sommige bedienings is baie sigbaar en ander gebeur agter die skerms, maar almal is ewe waardevol.

Pilaar 3: Ons is afhanklik van mekaar

Nie net is elke bediening belangrik nie, maar dit is ook onderling verbind. Omdat geen enkele bediening alles kan bereik wat die kerk geroep is om te doen nie, moet ons op mekaar vertou en met mekaar saamwerk.

Soos by 'n legkaart is elke stuk nodig om die prentjie te voltooi. Jy mis altyd die eerste stuk wat weg is. As een deel van jou liggaam nie goed funksioneer nie, werk die ander dele ook minder goed. Een van die komponente wat in die hedendaagse kerk ontbreek, is die begrip van interafhanklikheid. Ons *moet* saamwerk. Ons kultuur se beheptheid met individualisme en onafhanklikheid moet vervang word met die Bybelse konsepte van interafhanklikheid en gemeensaamheid.

Pilaar 4: Bediening is die uitdrukking van my samestelling.

Die klem op elke individu se unieke samestelling moet 'n kenmerk van jou gemeente wees. God het elkeen van ons op 'n unieke manier ontwerp of gevorm om sekere goed te doen.

Wyse rentmeesterskap van jou lewe begin wanneer jy verstaan hoe jy saamgestel is. Jy is 'n unieke, uitsonderlik komplekse samestelling van verskillende faktore. Hoe God jou *gemaak* het, bepaal wat Hy wil hê jy moet *doen*. Jou bediening word bepaal deur jou samestelling.

As jou gawes nie pas by die rol wat jy in die lewe speel nie, sal jy voel jy pas nie daar nie. Dit is vir jou en ander frustrerend. Dit lei nie net tot swakker resultate nie, maar dit is ook 'n geweldige vermorsing van jou talente, tyd en energie. God is sedert jou geboorte besig om jou vir 'n bepaalde bediening te vorm. Om die waarheid te sê, God het jou begin vorm *voordat* jy gebore is:

U het my gevorm, my aanmeakaargeweef in die skoot van my moeder. Psalm 139:13-16

Geestelike gawes.

Raak betrokke by verskillende bedienings en dan sal jy jou gawes ontdek. (RW; het nie veel erg aan die geestelike gawes opnames nie. In die eerste plek vereis hierdie opnames en toetse standardisering, wat ontken dat God op 'n unieke manier in elkeen se lewe werk.)

So 'n persoon kan moontlik die hart van 'n dienaar of 'n vrygewige gewer toon, maar dit gebeur meer op grond van **sy geestelike volwassenheid as sy geestelike begaafdheid**.

Passie.

Die Bybel gebruik die term *passie* om die middelpunt van jou motivering, begeertes, belangstellings en geneigdheid voor te stel. Fisiologies het elkeen van ons 'n unieke hartklop. Net so het God aan elkeen van ons 'n unieke emosionele 'hartklop' of 'passie' gegee wat vinniger klop wanneer ons betrokke is by aktiwiteite, onderwerpe of omstandighede waarin ons belangstel.

Die dinge wat jou instinktief motiveer, kom van God en dien as 'n interne rigtingwyser vir jou lewe.

Vermoëns.

Vermoëns is die natuurlike talente waarmee jy gebore word.

Persoonlikheid.

Dit is duidelik dat God nie 'n koekiedrukker gebruik om mense te skep nie. Hy is lief vir verskeidenheid. Hy maak sommige mense 'denkers' en ander 'gevoelsmense'. Hy skep mense wat beter werk in afsondering en ander wat op hul beste funksioneer in 'n span.

God het jou geskep om *jouself* te wees. Dit voel goed wanneer jy doen presies waarvoor God jou gemaak het.

Ervaring.

By Saddleback help ons mense om vyf areas van ervaring te ondersoek wat bepaal vir watter soort bediening hulle geskik is:

1. Opvoedkundige ervaring.
2. Loopbaanervaring.
3. Geestelike ervaring.
4. Bedieningservaring
5. Pynlike ervarings.

God het jou samestelling vir sy doelwitte bepaal. Daarom moet jy dit nie verwerp of Hom daarvoor verkwalik nie. 'Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maatsel vir die maker sê: "Waarom het jy my so gemaak?" Het die pottebakker nie die reg om uit dieselfde klomp klei iets besonder én iets alledaags te maak nie?' (Rom 9:20-21). In plaas daarvan om iemand anders te probeer word, moet jy bly wees oor die manier waarop God jou saamgestel het en dit vier.

Vereenvoudig die struktuur van jou organisasie

Die waardevolste bate wat mense aan 'n kerk kan gee, is hul tyd. Aangesien mense deesdae minder tyd het vir ontspanning, moet ons seker maak dat ons hul tyd ten beste benut as hulle dit aanbied. Maak hom betrokke by bediening, nie by bestuur nie.

Hoe meer jy mense by bestuur betrek, hoe meer mors jy hul tyd, hou jy hulle weg van bediening en skep jy geleenthede vir konflik. Bestuurswerk laat mense ook dink dat hulle verantwoordelikheid nakom deur bloot oor kerksake te stem.

Wat is die verskil tussen 'n komitee en 'n bediening? Komitees *bespreek* dinge, maar bedienings *doen* dit. Komitees argumenteer, bedienings tree op. Komitees bestuur, bedienings dien. Komitees praat en oorweeg, bedienings dien en gee om. Komitees bespreek behoeftes, bedienings bevredig behoeftes.

Komitees neem gewoonlik besluite en vewag dan ander mense moet dit toepas. By Saddleback neem die toepassers die besluite. Die mense wat in bedienings staan, neem hul eie besluite daaroor waarby hulle betrokke is. Ons skei nie gesag en verantwoordelikheid nie; ons vertrou mense met albei. Dit maak komitees oorbodig. Ons laat nie besluitneming oor aan mense wat nie in die bediening is nie.

Elke gemeente moet uiteindelik besluit of dit gestruktureer wil wees met die oog op beheer of op groei.

Dit is nie my werk om die kerk te beheer nie. Dit is my werk om dit te *lei*. Daar is 'n groot verskil tussen lei en beheer. Ons pastors en personeel is daarvoor verantwoordelik om die kerk se leerstellings gesond te hou en te sorg dat die kerk op die regte pad bly, maar die daaglikse besluite word geneem deur die mense wat in die praktyk die gemeentebediening beoefen.

Deur God toe te laat om jou te gebruik om lewens te verander, sal jou hele houding verander.

Die toestand is nie naastenby so sleg soos in die voorste linie nie, maar die mense is krities omdat hulle nie by die veldslag betrokke is nie.

Vestig 'n plasingproses vir bedienings

Die plasing van lidmate in geskikte bedienings behoort 'n deurlopende proses te wees en nie 'n spesiale veldtog nie. Jy sal baie meer sukses behaal as jy op die profiel van die individu fokus, nie op die behoeftes van die gemeente nie. Onthou, bediening wentel om *mense*, nie projekte nie.

Verskaf indiensopleiding

Die beste manier om te begin is om te begin.

Moet nooit 'n bediening sonder 'n bedieningsleier begin nie.

Die mees kritieke faktor in 'n nuwe bediening is nie die *idee* nie, maar die *leierskap*.

Ons sal dalk 'n idee voorstel, maar ons laat die idee prut tot God die regte mense voorsien om dit te implementeer. Permanente groei neem tyd.

Nêrens in Handelingte vind jy dat mense eers 'n bediening gereël en dan gebid het: 'Here, seën asseblief nou ons idee' nie. Nee, God het eers in mense se harte gewerk.

Stel minimumstandaarde en riglyne vas

Laat soveel vryheid as moontlik toe. Die bediening moet versoenbaar wees met die kerk se leerstellings, waardes en bedieningsfilosofie.

Vertrou mense: Delegeer gesag saam met verantwoordelikheid

Die geheim om mense te motiveer sodat hulle vir 'n lang tyd diensbaar sal bly, is om hulle 'n gevoel van eienaarskap te gee. Mense reageer op verantwoordelikheid. Hulle floreer en groei wanneer hulle vertrou word. Mense is net so kreatief soos die struktuur hulle toelaat om te wees.

Jy bring die beste in mense na vore deur hulle 'n *uitdaging* te gee, hulle in *beheer* te plaas en hulle uiteindelik *krediet* te gee. Die Bybel maak dit baie duidelik dat die pastor se werk is om lidmate toe te rus vir *hul* bediening. As julle instem om die bediening in die kerk te doen, sal ek seker maak dat julle geestelik gevoed word!

Deesdae het ek (RW) net twee primêre verantwoordelikhede: Om te *lei* en te *voed*.

Verskaf die nodige ondersteuning

Verskaf fisiese ondersteuning.

Verskaf kommunikasiesteun.

Verskaf bemarkingsteun.

Verskaf morele ondersteuning.

Oorhandig 'n maandelikse 'Goliath-toekenning' vir uitsonderlike diens.

Dit is *visie* wat mense motiveer; skuldgevoelens en druk ontmoedig net mense. Help mense om te sien dat daar geen groter saak is as die koninkryk van God nie.

Hoofstuk 20 – God se doel met jou kerk

Aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in ewigheid. Amen. Efesiërs 3:21

En volgens die besluit van God het Dawid tog gesterwe nadat hy die mense van sy tyd gedien het. Handelingte 13:36

Elke plant se groeiwyse is uniek. Twee gemeentes sal nooit op dieselfde manier groei nie. Van al die groeiwyses wat ek as tuinier waargeneem het, is die groei van die Chinese bamboesboom vir my die ongelooflikste. As jy 'n bamboesspruit plant, gebeur daar vir vier of vyf jaar (soms heelwat langer) net mooi niks nie! Binne 'n tydperk van ses weke groei die Chinese bamboesboom 'n vestommende 30 meter hoog! 'n Bamboesboom kan binne 24 uur sowat 'n meter groei.

Moenie bekommerd wees oor jou gemeente se groei nie. Fokus daarop om die doelwitte van die kerk te bereik. Hou aan om te doen wat jy weet reg is, selfs as jy mismoedig voel. 'Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd die oes insamel.' (Gal 6:9).

Die belangrikste is dat jy getrou bly aan die doelwitte.

Wees 'n doelgerigte mens

Doelgerigte gemeentes word deur doelgerigte leiers gelei. Verbeel jou die woorde: 'Hy het die mense van sy tyd gedien', staan eendag op jou grafsteen.

Doen wat God wil hê jy moet doen. Die kerk is die briljantste konsep wat nog ooit geskep is.

God voed en versorg sy kerk, soos Christus dit met sy kerk doen omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is. (Ef. 5:25, 29-30). Te veel Christene gebruik die kerk, maar het dit nie lief nie.

Ons moet mense bedien in die kultuur soos dit werklik is – nie volgens die een of ander vergange kultuurvorm wat ons dalk in ons koppe geïdealiseer het nie. 'n Suksesvolle bediening is om 'n gemeente volgens die doelwitte van God en deur die krag van die Heilige Gees te bou en die resultate van God te *verwag*.

Jesus het gesê: 'Wat julle glo, sal gebeur' (Matt. 9:29). Ek noem dit die 'gelooffaktor'. Daar is baie faktore waaroor jy geen beheer het nie, maar wat jou bediening beïnvloed: byvoorbeeld jou agtergrond, nasionaliteit, ouderdom en gawes, maar daar is een belangrike faktor waaroor jy wel beheer het: in watter mate jy God glo!

Een groot gemene deler van gemeentes wat groei is *leierskap wat nie bang is om God te glo nie*.

Groeiende kerke word gelei deur leiers wat verwag dat hul gemeente gaan groei. Ons het God vertrou vir groot wonderwerke en ons het verwag dat Hy ons sal gebruik – uit genade deur geloof. Dit is ons keuse. Dit is ook jou keuse.